

Die verband tussen veelvuldige videotegnieke en boodskapherroeping deur skoliere

Mariëtte van der Berg
BBk

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium Bedryskommunikasie aan
die Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Christelike Onderwys.

Studieleier: Dr. A.M. Gerber
Mede-studieleier: Mev. A.M.E. Naudé

Potchefstroom
2000

Voorwoord

Ek bedank graag die volgende:

- My ouers, sonder wie se volgehoue geduld en ondersteuning ek nooit hierdie studie suksesvol sou kon afhandel nie;
- My studieleiers, Dr. Attie Gerber en Mev Annelie Naudé. Vir al julle hulp, advies en bystand.
- Susan en Nico. Dankie vir al julle getroue ondersteuning en vertrouwe in my. Julle insette en motivering was van onskatbare waarde.

Abstract

This study represents an investigation of effects of multiple production techniques on the message recall of secondary school learners. The purpose of this study was to determine how the use of multiple production techniques would influence message recall.

With the development of television, the number of production techniques has escalated. Consequently it is possible for directors and producers to create interesting and highly visual television productions. In most cases such directors are visually literate. In South Africa they also often aim their productions at visually illiterate audiences. As a result many of these productions are visually too complex to be fully understood by some South Africa viewers. This poses the question of whether the use of multiple production techniques advances or impedes the recall of a message.

Theory suggests that the use of multiple production techniques will negatively influence attention, information processing and recall. This is based on the assumption that too many visual cues will force the viewer to focus his or her attention on a specific part of the message, which might not be its essence. Focussing on a part of lesser importance will obstruct the process of storing the information of the message in the memory thus making it more difficult to store this information in the memory. If the message is not stored in the cognitive structure, it will be almost impossible for the recipient to accurately recall it.

Four experimental videos were designed for the purpose of this study. Interference variables such as sex, age, academic achievement and language were controlled, while the number of production techniques were manipulated. One hundred and sixty secondary school learners attending Tlokwe Secondary High School in Potchefstroom formed part of the population for this experiment. The learners were divided into four groups. Group one watched video 1 (with the least number of production techniques), group 2 watched video 2 (with more production techniques than video 1) and so forth. After watching the videos each group completed a questionnaire. Data was collected and analysed with the ANOVA (Analysis of Variance) method and the statistical significance of results was determined.

The results which were obtained in the study suggested that the alternative or research hypothesis be rejected in favour of the null hypothesis, which states that the number of production techniques do not influence message recall by secondary school learners tested in this experiment. However, certain trends were observed which support existing theory as well as the research hypothesis, although these trends were not of statistical significance. Based on these trends, certain specific recommendations are made for future research. These include modifying the research and message design, as well as adapting the way in which the respondents are managed.

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe	i
Lys van Figure	iii
Lys van tabelle	iii
Lys van grafieke	iv
Lys van Bylaes	iv

HOOFSUK 1 Inleiding

1.1	INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.2	DOELSTELLINGS	4
1.3	HIPOTESES	4
1.4	SITUERING VAN DIE ONDERSOEK BINNE DIE KOMMUNIKASIETERREIN	5
1.4.1	Leemtes in die studieterrein	7
1.5	OMSKRYWING VAN KONSEPTE	8
1.6	METODE	9
1.6.1	Literatuurstudie	9
1.6.2	Empiriese metode	9
1.7	HOOFSUKINDELING	10

HOOFSUK 2 *Die verband tussen produksietegnieke, oorreding en boodskapherroeping*

2.1	INLEIDING	12
2.2	TEGNOLOGIE EN ONDERWYS	13
2.3	PRODUKSIETEGNIEKE (VIDEOTEGNIEKE)	16
2.3.1	Begripsomskrywing	16
2.3.2	Benutting van produksietegnieke	16
2.3.3	Die psigologiese effek van produksietegnieke	19
2.4	OORREDING	23
2.4.1	Inleiding	23
2.4.2	Die Uitbreidingsmoontlikheidteorie	23
2.4.3	Die gebruik van vreesappelle in oorreding	27
2.4.4	Die rol van die ontvanger tydens oorreding	29
2.5	BOODSKAPHERROEPING	32
2.5.1	Inleiding	32
2.5.2	Herroeping en geheue	33
2.5.3	Herroeping en herkenning	34
2.5.4	Herroeping en die kognitiewe proses	34
2.5.5	Herroeping en die leerproses	35
2.5.6	Langtermynherroeping	36
2.5.7	Korttermyngeheue	36
2.5.8	Vergeet	37
2.5.9	Faktore wat herroeping beïnvloed	37
2.5.9.1	Sosiale invloed op herroeping	38
2.5.9.2	Verhouding tussen omgewing en herroeping	38
2.5.9.3	Invloed van die tyd van die dag	38
2.5.9.4	Invloed van ouderdom	39
2.5.9.5	Invloed van vrae	39

2.5.9.6	Invloed van belangstelling	39
2.5.9.7	Invloed van eksterne faktore	40
2.5.9.8	Herroeping : Sintese	41
2.6	DIE INVLOED VAN PRODUKSIETEGNIEKE OP HERROEPING	42
2.7	SLOT	46

HOOFTUK 3

Metode

3.1	INLEIDING	48
3.2	DATA INSAMELING EN OPNAMEPROSEDURE	49
3.3	NAVORSINGSONTWERP: KWASI-EKSPERIMENTEEL	49
3.4	POPULASIE EN EWEKANSIGE GROEPTOEWYSING	50
3.5	GELDIGHED EN BETROUBAARHEID	51
3.6	MATERIAAL	53
3.6.1	Video 1	53
3.6.1.1	Die aanbieder	53
3.6.1.2	Videoteks, boodskapoordrag en video-opname	54
3.6.2	Video 2	54
3.6.3	Video 3	54
3.6.4	Video 4	55
3.7	DIE MEETINSTRUMENT	55
3.8	DATA VASLEGGING EN –VERWERKING	58
3.8.1	Die ANOVA-metode	59
3.9	LOODSSTUDIE	60
3.9.1	Inleiding	60
3.9.2	Doel	61
3.9.3	Metode	61
3.9.4	Resultate	62
3.9.5	Bespreking van die loodsstudie resultate	64
3.10	EKSPERIMENT 1 tot 4	65
3.10.1	Inleiding	65
3.10.2	Populasie	66
3.10.3	Opnameprosedure	66
3.10.3.1	Probleme ondervind	67
3.11	SLOT	67

HOOFTUK 4

Resultate

4.1	INLEIDING	70
4.2	DOELSTELLING	70
4.3	RESULTATE VAN VRAELYSDATA	71
4.3.1	Demografiese gegewens	71
4.3.2	Die effek van steuringsveranderlikes	72
4.3.2.1	Geslag	72
4.3.2.2	Ouderdom	73
4.3.2.3	Taal	75
4.3.2.4	Akademiejaar	77
4.3.2.5	Betrokkenheid van die ontvanger	79
4.4	DIE INVLOED VAN VIDEOTEGNIEKE OP BOODSKAPHERROEPING	82
4.4.1	Video 1 en 2	84
4.4.2	Video 1 en 3	84
4.4.3	Video 1 en 4	85
4.4.4	Video 2 en 3	86
4.4.5	Video 2 en 4	86
4.4.6	Video 3 en 4	87
4.4.7	Video 1 tot 4	87
4.5	SLOT	88

HOOFSTUK 5

Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

5.1	INLEIDING	90
5.2	DIE ROL VAN DEMOGRAFIESE STEURINGSVERANDERLIKES IN HIERDIE STUDIE	92
5.2.1	Geslag	92
5.2.2	Ouderdom	92
5.2.3	Akademiese Jaar	92
5.2.4	Taal	92
5.3	VEELVULDIGE VIDEOTEGNIEKE EN BOODSKAPHERROEPING	92
5.3.1	Moontlike probleme in die ontwerp	93
5.3.2	Moontlike probleme ten opsigte van die ontvanger	94
5.4	AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	96
BIBLIOGRAFIE		98

Lys van figure

Figuur 1.1	Die posisie van hierdie studie in verhouding tot visuele geletterdheid	6
Figuur 2.1	Voorbeeld van psigologiese sluiting	18
Figuur 2.2	Die uitbreidingsmoontlikheidstoerie	25
Figuur 2.3	Die invloed van sensoreise oorlading op oorreding	26
Figuur 2.4	Die leerproses	35
Figuur 2.5	Analise van herroeping	41
Figuur 2.6	Visuele kompleksiteit en herroeping	45
Figuur 3.1	Die aanbieder	53
Figuur 3.2	Voorbeeld van titels wat gebruik is in Video 2	54
Figuur 3.3	Voorbeelde van wegsnyskote wat gebruik is in Video 4	55

Lys van tabelle

Tabel 3.1	Nominasies van die Anova	60
Tabel 3.2	Uiteensetting van demografiese resultate	62
Tabel 3.3	Gemiddelde prestasie per vraag	63
Tabel 3.4	Gemiddelde prestasie voor/na vernaderinge	63
Tabel 3.5	Analise van vrae na aanleiding van loodsstudie resultate	64
Tabel 3.6	Vergelyking van Eksperiment 1 tot 4	67
Tabel 3.7	Finale samestelling van Eksperimente	66
Tabel 4.1	Demografiese profiel	71
Tabel 4.2	Gemiddelde persentasies behaal : Geslag	72
Tabel 4.3	ANOVA : Geslag	73
Tabel 4.4	Gemiddelde persentasie behaal : Ouderdom	74
Tabel 4.5	ANOVA : Ouderdom	74
Tabel 4.6	Gemiddelde persentasie behaal: Afsonderlike tale	75
Tabel 4.7	Gemiddelde persentasie behaal: Taalgroep	76
Tabel 4.8	ANOVA : Taal	76
Tabel 4.9	Vergelyking: Sothotale teenoor Ander	77
Tabel 4.10	Gemiddelde persentasie behaal : Akademiese jaar	78
Tabel 4.11	ANOVA : Akademiese jaar	78
Tabel 4.12	Hoeveelheid respondente wat rook per groep	79
Tabel 4.13	ANOVA : Respondente wat rook	80
Tabel 4.14	Aantal respondente met gesinslede wat rook	81
Tabel 4.15	ANOVA : Gesinslede wat rook	81
Tabel 4.16	Individuele resultate van respondente van Video 1 - 4	83

Tabel 4.17	ANOVA : Video 1 en 2	84
Tabel 4.18	ANOVA : Video 1 en 3	84
Tabel 4.19	ANOVA : Video 1 en 4	85
Tabel 4.20	ANOVA : Video 2 en 3	86
Tabel 4.21	ANOVA : Video 2 en 4	86
Tabel 4.22	ANOVA : Video 3 en 4	87
Tabel 4.23	ANOVA : Video 1 tot 4	87
Tabel 4.24	Gemiddeld en Standaard afwyking van Video's	88

Lys van grafieke

Grafiek 4.1	Voorstelling van geslag as steuringsveranderlike	73
Grafiek 4.2	Voorstelling van ouderdom as steuringsveranderlike	74
Grafiek 4.3	Voorstelling van taal as steuringsveranderlike	76
Grafiek 4.4	Voorstelling van akademiese jaar as steuringsveranderlike	77
Grafiek 4.5	Voorstelling van betrokkenheid as steuringsveranderlike: Rook self	80
Grafiek 4.6	Voorstelling van betrokkenheid as steuringsveranderlike : Gesinslede wat rook	81

Lys van Bylaes

Bylaag A	Die vraelys	103
Bylaag B	Videoteks	109
Bylaag C	Draaiboek	111
Bylaag D	Korrespondensie	115

HOOFTUK 1

Inleiding

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die afgelope paar jaar is gekenmerk deur tegnologiese ontwikkeling van die videomedium insluitend die ontwikkeling van digitale video, hoë definisie televisie en interaktiewe videostelsels. As gevolg hiervan het die verskeidenheid produksietegnieke toegeneem. Naas konvensionele tegnieke soos kameraskote, beligting, visuele sekwense, grafika, titels, die gebruik van aanbieders, onderhoude en musiek, het digitale video-effekte, rekenaar-animasie en die "virtual studio" deel van die vervaardiger se arsenaal geword (Autodesk, 1999; Van Graan 1996; Zettl, 1990). Dit het die vraag laat ontstaan of die strewe na 'n opwindende en interessante eindproduk wat bogenoemde elemente bevat, nie die boodskap so kompleks maak dat begrip van die kommunikasieboodskap benadeel word nie. Indien die regisseur van 'n video abstrakte simbole gebruik, kan dit daartoe lei dat die boodskap nie effektief oorgedra word nie. Hugo (1994) noem die moontlikheid dat 'n misverstand tussen die intensies van die kommunikeerder en die begrip van die ontvanger kan ontstaan, indien die kommunikeerder en die ontvanger van verskillende sosio-kulturele agtergronde afkomstig is.

Bogenoemde is in die besonder 'n probleem in Suid-Afrika waar 'n regisseur dikwels van 'n hoër sosio-kulturele en ekonomiese klas is, terwyl die oorgrote meerderheid van die populasie van 'n laer sosio-ekonomiese klas en dikwels diverse kulture is. Dit het die vraag laat ontstaan of die regisseur se kreatiewe behoeftes nie soms swaarder weeg as die kyker se vermoë om die boodskap te verstaan en te herroep nie (Gerber, 1998), en of 'n eenvoudiger boodskap nie effektiewer kommunikasie in die hand sal werk nie. Sodanige vrae is veral belangrik wanneer media in ontwikkelingskommunikasie vir agtergeblewe en ontwikkelende gemeenskappe gebruik word (Sedibe, 1998; VN, 1998; Keene-Young, 1994).

Met hierdie navorsing poog die navorser om die invloed van veelvuldige produksietegnieke op boodskapherroeping te ondersoek. Produksietegnieke kan in

bepaalde situasies 'n onverwagte effek op die kyker hê, deur hom/haar moontlik te verwar. Dit gebeur dikwels wanneer regisseurs dit gebruik sonder om in ag te neem hoe dit die kyker onbewustelik kan beïnvloed (Chandler & Griffiths, 2000; VN, 1998; Ledingham, Ledingham & Richardson, 1993; Baggaley & Duck, 1976:34). Regisseurs, vervaardigers en draaiboekskrywers moet dus hierop let indien hulle beplan om 'n gehoor se houding te verander, hulle in te lig en/of te oorreed.

Navorsing is onderneem deur Mazur (2000), Gershon (1999), Nass, Reeves en Leshner (1993), Moriarty en Popovich (1989), Grady (1987), Morris (1984) en Welch en Watt (1982), ten opsigte van die invloed wat produksietegnieke op kommunikasie het. Hulle het bevind dat die gebruik van televisie- en produksietegnieke kommunikasie kan bevorder, maar ook benadeel. Iverson Software (2000) sluit aan by hierdie stelling deurdat hul beweer dat televisie persone, veral kinders, positief of negatief kan beïnvloed.

Volgens Morris (1984:358) gaan verskeie draaiboekskrywers van die veronderstelling uit dat aandag verhoog word deur die toepassing van bepaalde produksietegnieke soos byvoorbeeld kamerahoek en die gebruik van klank, terwyl Welch en Watt (1982) daarop wys dat komplekse visuele stimuli kan lei tot probleme in die visuele opvoeding van kinders. Grady (1987) meen dat sekere visuele stimuli kommunikasie bevorder en ander weer kommunikasie benadeel.

Metallinos (1989:102) het bevind dat die gelyktydige gebruik van te veel produksietegnieke lei tot ongemak omdat die kyker nie weet waarop om te fokus en watter aktiwiteite van belang is nie. Hierdie bevindinge hou bepaalde implikasies in vir die leerproses, aangesien groot hoeveelhede inligting aan leerders voorgelê word, en dit nodig is dat hul kan fokus op dit wat belangrik is met die oog daarop om dit te berg en te herroep.

Die geheue is die "bergplek" van die kognitiewe struktuur. Inligting wat gedurende die leerproses opgeneem word, word daarin gestoor. Inligting word in die kognitiewe proses geassimileer, geakkommodeer en geanker (kyk afdeling 2.5.4 en Figuur 2.5). As hierdie stappe eers plaasgevind het, word die materiaal deel van langtermyngeheue en is dan beskikbaar om herroep te word. Daar word aanvaar dat indien die kognitiewe proses nie plaasvind nie, die materiaal nie effektief gestoor

word nie en dit nie effektief op 'n langtermynbasis herroep kan word nie (Fellenz, 1997, Angus, 1993:87). Die gebruik van veelvuldige produksietegnieke kan lei tot sensoriese oorlading en dit lei daartoe dat die individu se aandag afgetrek word van die belangrike inligting. Sodanige inligting kan dan nie in die brein opgeneem en herroep word nie omdat die kognitiewe proses nie kan plaasvind nie. Dit kan daartoe lei dat die ontvanger die inligting vergeet (kyk afdeling 2.5.8).

Sensoriese oorlading het 'n unieke uitwerking op kinders en daar is bevind dat die invloed van sensoriese oorlading sterker op kinders as volwassenes is aangesien hul vermoë om relevante inligting van irrelevante inligting te onderskei, nog nie goed ontwikkel is nie. Daar word gesteun op Piaget se konsep van konsentrasie (Ebny & Molnar, 1998), wat veronderstel dat dit vir kinders onmoontlik is om te fokus op 'n oormaat van perseptuele informasie (kyk afdeling 2.4.2 en Figuur 2.3). Dit is dus vir die kinders moeilik om te fokus op die totale televisieboodskap – hulle kan waarskynlik fokus op 'n klein deel van die boodskap, wat nie die kern is nie.

Navorsers het aangedui dat individue in ontwikkelende gemeenskappe wat baie min blootstelling aan visuele stimuli het, dit moeilik vind om gebruik te maak van die visuele inligting (De Lange, 1999; Bentley, 1986; Ajayi-Dopemu, 1982). Beperkte empiriese resultate hiervoor is beskikbaar in die Suid-Afrikaanse konteks. Dit is moeilik om die resultate van Westerse navorsing te veralgemeen na Suid-Afrika, aangesien die Westerse populasie verskil van die ontwikkelende gemeenskappe in Suid-Afrika waar waardes en norme asook sosiale strukture verskil.

Dit is as gevolg van hierdie leemte in Suid-Afrikaanse navorsing dat die navorser hierdie studie onderneem het (kyk afdeling 1.4) waarin die verband tussen komplekse oudiovisuele boodskappe en die vermoë van 'n gehoor uit 'n agtergeblewe gemeenskap om boodskappe te herroep, ondersoek word. Die algemene navorsingsvraag kan dus soos volg geformuleer word.

Watter effek het die gebruik van veelvuldige videotegnieke op swart leerders se vermoë om boodskappe te herroep?

Bogenoemde vraag lei tot die volgende:

Hoeveel produksietegnieke kan gelyktydig aangewend word sonder dat die leerders se vermoë om boodskappe te herroep, benadeel word?

Hierdie vrae rig die doelstellings van die studie.

1.2 DOELSTELLINGS

Die algemene doelstelling met hierdie navorsing is soos volg:

Om te bepaal watter invloed die gebruik van veelvuldige produksietegnieke het op swart leerders se vermoë om boodskappe in 'n video te herroep.

Aan die hand van bogenoemde algemene doelstelling is die volgende spesifieke doelstelling geïdentifiseer:

Om te bepaal hoeveel produksietegnieke gelyktydig aangewend kan word sonder dat die leerders se vermoë om boodskappe te herroep, benadeel word.

1.3 HIPOTEESES

Die hipotese is 'n antwoord op die algemene navorsingsvraag, en dit sluit direk aan by die algemene doelstelling. Een spesifieke navorsingshipotese word op grond van die spesifieke navorsingsvraag en spesifieke doelstelling gestel, naamlik:

H₁ Alternatiewe hipotese

Hoe minder produksietegnieke gebruik word, hoe beter sal leerders boodskappe herroep.

H₀ Nulhipotese

Daar is geen verskil in boodskapherroeping nie, ongeag hoeveel produksietegnieke gebruik word.

Voortvloeiend hieruit word hierdie studie gesitueer binne die bepaalde studieterreine van audiovisuele kommunikasie en opvoedkunde.

1.4 SITUERING VAN DIE ONDERSOEK BINNE DIE KOMMUNIKASIETERREIN

Die spesifieke fokus van hierdie studie is hoe boodskapherroeping deur die gebruik van verskillende kombinasies van videotegniese beïnvloed word. Soos reeds gestel, val hierdie studie binne die breë veld van opvoedkunde en oudiovisuele kommunikasie.

Boodskapherroeping is een van die vereistes vir die leerproses terwyl produksietegniese in hierdie studie bestempel kan word as deel van die materiaal vir die leerproses. Indien die leerders nie die visuele beelde kan verstaan en daaraan aandag skenk nie, vind die leerproses nie plaas nie. Dus word hier indirek gefokus op visuele geletterdheid en sensoriese oorlading. Visuele geletterdheid verwys na die vermoë om beelde te verstaan en te gebruik, insluitend die vermoë om te dink, te leer en jouself uit te druk in terme van beelde (IVLA, 1999; Braden & Hortin, 1982:41). Seels (1994:104) stel dit dat visuele denke, visuele leer en visuele kommunikasie die hoofkomponente van visuele geletterdheid is. Hierdie komponente kan soos volg uiteengesit word:

- *Visuele denke* verwys na die organisasie van beelde rondom vorm, lyn, kleur en tekstuur. Hierdie organisasie behels ruimtelike oriëntasievaardighede (soos byvoorbeeld die rotasie van visuele objekte) asook om sin te maak uit visuele beelde (soos byvoorbeeld 'n vloerplan in 'n winkelsentrum wat aandui "u is nou hier") (Philleo, 1999);
- *Visuele leer* dui op die rol van visualisering gedurende die leerproses. Dit sluit in die aanbieding van visuele beelde wat inligtingprosessering fasiliteer, asook die fase waarin beelde gebruik word as 'n integrale deel van die evaluasiestrategie (Dwyer, 1994:109);
- *Visuele kommunikasie* verwys na die uitruil van betekenis deur gebruik te maak van visuele verklarings ("statements"), insluitend die vermoë om jouself uit te druk deur middel van ten minste een visuele disipline (Curtiss, 1987:41).


Hierdie studie word geplaas binne Seels (1994:107) se grafiese uiteensetting van bepaalde navorsingsterreine in visuele geletterdheid (kyk Figuur 1.1). Volgens hierdie grafiek fokus hierdie navorsing spesifiek op visuele leer. Dus moet respondente

beelde kan visualiseer en verstaan gedurende die aanbieding en evaluasie daarvan. Volgens Paquin (1999:246), Seels (1994) en Hansen (1989) moet 'n visueel geletterde persoon oor die vermoëns beskik om:

- visuele komponente van 'n illustrasie wat daarop gemik is om intensioneel te kommunikeer, te lees;
- visuele komponent van 'n illustrasie wat daarop gemik is om 'n boodskap intensioneel te kommunikeer, te produseer; en
- visuele en verbale intensionele kommunikasie te kombineer.

'n Ongeletterde persoon is 'n persoon wat nie 'n eenvoudige sin oor die daaglikse lewe, kan lees en skryf nie (UNESCO, 1995:4). So 'n persoon word beskou as visueel ongeletterd omdat hy/sy nie oor bogenoemde vaardighede beskik nie. Soos gestel word die effek van 'n verskeidenheid produksietegnieke op boodskapherroeping ondersoek. Produksietegnieke bestaan uit visuele en verbale komponente, wat respondente moet verstaan ten einde dit te onthou, in die geheue stoor, en te herroep. Indien 'n persoon visueel ongeletterd is, sal hy/sy nie die boodskap kan leer of herroep nie. Dus kan aanvaar word dat hierdie studie binne die breë veld van visuele leer gesitueer kan word (kyk Figuur 1.1)

FIGUUR 1.1
Die posisie van hierdie studie in verhouding tot visuele geletterdheid



Seels (1994:107)

In terme van die boonste grafiek is dit dus duidelik dat hierdie studie fokus op visuele leer. Visuele leer word onderverdeel in drie kategorieë, naamlik:

- ontwerp van materiaal;
- navorsing oor leer en lees; en
- waarneem van prente.

Na aanleiding van bogenoemde besprekings is boodskapherroeping reeds geïdentifiseer as 'n komponent van die leerproses. In terme hiervan val hierdie studie binne die sub-area "navorsing oor leer" van die area "visuele leer". Voortvloeiend uit die situering van hierdie studie binne die bepaalde studieterrein word leemtes in die terrein geïdentifiseer.

1.4.1 Leemtes in die studieterrein

Hoewel verskeie navorsers (Van Graan, 1996; Metallinos, 1989; Welch & Watt, 1982) al die effek van geïsoleerde produksietegnieke ondersoek het, is geen soortgelyke studie al in Suid-Afrika onderneem nie. Dit is moeilik om daardie navorsing van toepassing te maak op Suid-Afrika vanweë die land se unieke sosio-kulturele struktuur en ekonomiese samestelling van die bevolking.

Die bevindinge van die ondersoek kan benewens die aanvulling van bestaande navorsing ook dien as rigtingwyser vir opvoedkundiges, regisseurs, draaiboekskrywers, redigeerders en vervaardigers. Dit kan veral toepassing vind in die SABC se nuwe diens "Live-n-learn" wat in 1997 geloods is met die doel om leerders deur middel van televisie en video te leer (SABC, 2000). Die SABC saai reeds meer as 20 ure per week opvoedkundige programme uit, en hierdie studie kan dien as rigtingwyser vir soortgelyke programme en dienste.

Vervolgens word bepaalde kernkonsepte wat herhaaldelik in die studie voorkom kortliks omskryf.

1.5 OMSKRYWING VAN KONSEPTE

Skoliere

Die term "skoliere" verwys na skoolgaande kinders of leerlinge. Hierdie term het verander met die nuwe "uitkomsgebaseerde" onderwysstels en vir die doel van hierdie studie word daar na skoliere verwys as leerders aangesien dit die nuwe term is wat deur die onderwysdepartement geïmplementeer is.

Produkstegnieke/ Videotegnieke (kyk afdeling 2.3)

Hierdie begrip omsluit aspekte soos grimering, beligting, skootraming, kamerahoek, kamerabeweging, komposisie, animasie, spesiale effekte, visuele agtergrond en subtitels (Baggaley, 1980; Van Graan, 1996:1). Dit verwys na enige tegniek wat gebruik word tydens die vervaardiging van 'n video/televisie produksie.

Oorreding (kyk afdeling 2.4)

Die ideaal van 'n oorredingspoging is om die ontvanger se houding ten opsigte van iets te verander en sodoende sy gedrag te verander. Bepaalde persone (bemarkers, adverteerders, regisseurs ens.) poog om, deur die oordrag van inligting, ander persone se houding te verander ten opsigte van bepaalde onderwerpe of aangeleenthede.

Leerproses (kyk afdeling 2.5.5)

Die leerproses kan beskou word as 'n inligtingprosesseringsproses. Tydens hierdie proses word die leerder gemotiveer om te leer (Iverson Software, 2000), waarna hy/sy geleer word deur middel van 'n bepaalde metode. Daarna word inligting herhaal en toegepas en dan tydens eksamens en toetse geaktualiseer. Ten slotte word die kennis gebruik in verbandhoudende situasies (Birkett, 1996:21). Indien al hierdie stappe deurgevoer word, het die leerproses plaasgevind.

Boodskapherroeping {recall} (kyk afdeling 2.5)

Angus (1993:73) omskryf herroeping as 'n doelbewuste poging om inligting op te roep wat voorheen geassimileer en in die kognitiewe struktuur gestoor is. Hierdie definisie fokus die aandag daarop dat herroeping nie in isolasie plaasvind nie maar dat dit die eindproduk van die kognitiewe proses is. Mathews (1992:16) beskryf

herroeping as die individu se vermoë om inligting wat geënkodeer en gestoor is volgens behoefte op te roep.

Boodskapherkenning (kyk afdeling 2.5.3)

Boodskapherkenning behels die uitken van inligting waaraan die respondent reeds tydens 'n vorige geleentheid blootgestel is. 'n Voorbeeld is die korrekte antwoord, in veelkeusevrae wat deur die persoon herken word.

Visuele geletterdheid (kyk afdeling 1.4)

Soos reeds genoem is, beskryf die Internasionale Assosiasie vir Visuele Geletterdheid (1999) visuele geletterdheid as die vermoë om visuele beelde te gebruik en te verstaan. Dit sluit in die vermoë om te dink, te leer en jouself uit te druk in terme van visuele beelde.

1.6 METODE

1.6.1 Literatuurstudie

Om die invloed van veelvuldige videotegniese op boodskapherroeping te ondersoek, word boodskapherroeping, produksietegniese en oorrading, in die literatuurstudie met mekaar in verband gebring. Dit is die teoretiese begronding van die empiriese ondersoek.

1.6.2 Empiriese metode

Die *populasie* waarop hierdie studie fokus, is Graad 10 en 11 leerders aan Tlokwe Sekondêre Hoërskool, wat hoofsaaklik Tswanasprekend is. Hierdie respondente is gekies op grond van finansiële, geografiese en taaloorwegings. 'n Gestratifiseerde steekproef van 160 leerders het aan die studie deelgeneem. Die leerders is in vier groepe van 40 elk verdeel en sorg is gedra dat die groepe ooreenstem op grond van ouderdom, geslag en akademiese prestasie.

Die navorsingsontwerp vir hierdie ondersoek is 'n gestratifiseerde ewekansige groeptoewysingsontwerp. Vier video's van ongeveer drie minute elk oor die gevare van rook is vervaardig. In elke video is 'n verskillende aantal videotegniese gebruik.

Die konstante veranderlike is dieselfde aanbieder wat presies dieselfde boodskap in al vier video's aanbied (dieselfde opname word dus in al vier gevalle gebruik). Video 1 bestaan uit die aanbieder op kamera. Video 2 is soos Video 1, maar daar is van toepaslike titels gebruik gemaak.

Sorg is gedra dat daar volkome versoenbaarheid tussen die stem en die titels is en dat die stem dus nie een ding sê terwyl die titel 'n ander ding wys nie. Video 3 stem ooreen met Video 2, maar stemmingsmusiek word deurgaans as agtergrond gebruik. Heersende populêre musiekvoorkeure is as maatstaf vir die keuse van musiek gebruik. Video 4 verskil van Video 3 slegs ten opsigte daarvan dat spesifieke dele van die teks deur wegsnyskote gevisualiseer word. Elke groep het dieselfde herroepingstoets geskryf om te bepaal watter video die boodskap die beste gekommunikeer het.

Ter wille van betroubaarheid is 'n loodsstudie onderneem om te verseker dat die leerders die vraelyste verstaan en konsekwent beantwoord. Sodoende is betroubaarheid verseker. Interne geldigheid is bewerkstellig met behulp van relevante literatuur en 'n deskundige op die bepaalde terrein is in hierdie verband geraadpleeg.

Na afloop van die loodsstudie is vier afsonderlike eksperimente afgeneem om sodoende die gemiddeldes van die afsonderlike eksperimente met mekaar te vergelyk. Die variansies van die gemiddelde van elke groep is deur middel van die ANOVA metode met mekaar te vergelyk ten einde die hipoteses van hierdie studie te toets. Daarna is resultate statisties verwerk en hieruit het die navorser bepaalde gevolgtrekkings gemaak.

1.7 HOOFSTUKINDELING

In *Hoofstuk 2* word die verband tussen boodskapherroeping, oorreding en videotegniese ondersoek. Eerstens is die oudiovisuele media gesitueer binne die konteks van die leersituasie om sodoende die belangrikheid van hierdie studie in perspektief te plaas. Daar is aangedui dat video 'n belangrike rol in die nuwe uitkomsgebaseerde onderwysstelsel speel indien dit korrek aangewend word. Tweedens word produksietegniese bespreek aan die hand van die benutting van

produksietegnieke en psigologiese effekte van produksietegnieke. Ten derde word die begrip *oorreding* bespreek op grond van die uitbreidingsmoontlikheidsmodel, die Parallelle Prosesmodel asook die gebruik van vreesappelle en die rol van die ontvanger in oorreding. Laastens word boodskapherroeping bespreek op grond van die verband tussen boodskapherroeping en geheue, herkenning, die kognitiewe proses, die leerproses, langtermyngeheue, korttermyngeheue en vergeet. Daar word verwys na relevante faktore wat boodskapherroeping beïnvloed. Ten slotte word die verband tussen boodskapherroeping en produksietegnieke in hoofstuk 2 bespreek.

In Hoofstuk 3 word die empiriese ondersoek en metodologie beskryf. Dit behels onder meer die navorsingsontwerp en opnameprosedure wat in hierdie studie gevolg is. Daar word spesifiek verwys na die samestelling van die groepe, die eksperimentele video-opname en oorwegings wat van toepassing was op die vervaardiging daarvan. Daar is 'n bespreking van die vraelys, die loodsstudie, die opnameprosedure en statistiese hantering van resultate wat in hierdie hoofstuk ingesluit word.

In Hoofstuk 4 word die resultate uiteengesit en bespreek aan die hand van die gestelde hipotese vir hierdie ondersoek. Ten slotte word die bevindinge in Hoofstuk 5 in verband gebring met relevante literatuur. Hierdie ondersoek word afgesluit met bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere navorsing.

HOOFTUK 2

Die verband tussen produksietegniese, oorrëding en boodskapherroeping

2.1 INLEIDING

Die afgelope tien tot twintig jaar is gekenmerk deur geweldige veranderinge in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel (Muller, 1998; Pienaar, 1998; Stumpf, 1998). Die veranderinge in onderwysmetodiek is gestimuleer deur die ontwikkeling van die kommunikasietegnologie en hierdie veranderinge vind gestalte in die nuwe onderwysbeleid wat bekend staan as "uitkomsgebaseerde onderwys" (Loubser, 1997:24-34). Die begrip "uitkomsgebaseerde onderwys" word deur Neethling en Calitz (1998:72) soos volg beskryf: *"A competency-based process [which] begins by defining the outcomes each student is expected to attain - then the instructional programme [is designed] through which each student can arrive at these outcomes."*

Dit is 'n onderwysstelsel waar die leerder self verantwoordelikheid vir sy kennis aanvaar en waarin die onderwyser slegs as fasiliteerder gesien word (Muller, 1998:11). Dit stel aan die kind die geleentheid om vir die res van sy/haar lewe die opwinding te belewe van sy/haar interaksie met die wêreld rondom hom/haar waaraan sy/haar denke en optrede 'n verskil kan maak (Van Rensburg, 1998:8). Muller (1998:10) beweer dat die inligtingsera waarin die wêreld hom tans bevind, mense verg wat selfaangedrewe is, werksgeleenthede skep en probleme kreatief oplos. Mense sal verplig wees om in hul leeftyd vier of vyf keer van beroep te verander en dit maak deurlopende studie noodsaaklik. Hierdie veranderinge in die onderwys lei daartoe dat die aard van die samelewing sowel as die wyse waarop die werklikheid waargeneem word, verander. Die veranderde globale konteks en nuwe tegnologie van ons tyd lei daartoe dat leerders anders dink oor tradisioneel aanvaarde en vertroude opvattings. Die kind se individuele subjektiwiteit oorheers alle sosiale verbande en daar word algemeen aanvaar dat kundigheid aangaande en

vaardighede in die gebruikmaking van moderne tegnologie, veral video- en rekenaartegnologie, prioriteit moet geniet (Muller, 1998:12).

2.2 TEGNOLOGIE EN ONDERWYS

Muller (1998:110-13) voer aan dat deur tegnologie ten volle te gebruik, onderwys aansienlik goedkoper en doeltrefferder aangebied kan word. Deur gebruik te maak van video- en rekenaartegnologie, kan 'n handjievol van die land se beste onderwysers byvoorbeeld alle wiskundelesse in die land aanbied. Een onderwyser kan 'n opname maak van die totale wiskundesillabus en hierdie video's kan dan aan skole versprei word. Alle kinders in die land kan onderwys van dieselfde gehalte ontvang, wat nasionale eksamens ook meer vergelykbaar maak. Hy voorsien dat dit geleentheid sal skep vir private entrepreneurs om tot onderwys toe te tree as verskaffers van goedkoop leermateriaal. Dit sal ouers 'n groter keuse gee om uit te kies en hul seggenskap herstel oor die soort onderwys wat hul kinders ontvang. Hierdie soort stelsel sal ook heelwat goedkoper wees as die huidige onderwysstelsel.

Die klem op tegnologie en die kennisontploffing ten opsigte van media is grootliks daarvoor verantwoordelik dat die onderwyser moet verseker dat leerders wat skool verlaat, toegerus is om beide ontwikkeling in tegnologie sowel as die kennisontploffing, suksesvol te kan hanteer. (Grimsley, 1992:113). Oudiovisuele media soos byvoorbeeld video en televisie kan benut word om veranderinge in onderwys te vergemaklik. Die individu kan deur middel van oudiovisuele media 'n wyse vind waarop hy/sy meer inligting kan bekom sowel as om meer suksesvol te leer. Tegnologie-intensiewe onderwys sal leerders in staat stel om teen hul eie pas te vorder, wat baie frustrasies van die huidige onderwysstelsel sal uitskakel (Muller, 1998:11).

Indien oudiovisuele media funksioneel gebruik word, kan dit ook daartoe lei dat die onderwyser meer persoonlike aandag aan die leerlinge gee en ook dat elke individu teen 'n tempo leer wat by sy/haar persoonlike leerstyl pas. Dit sal roetine-take

vergemaklik en leerlinge blootstel aan tegniese hulpmiddels wat hulle in die toekoms kan gebruik (Grimsley, 1992:114).

Navorsing dui daarop dat jong kinders vandag hul formele onderwys begin nadat hulle reeds baie geleer het deur middel van elektroniese media tuis (Huston & Wright, 2000; Iverson Software, 2000; Center for New Discoveries in Learning, 1996; Grimsley, 1992:117). Kinders word minstens vier jaar blootgestel aan televisie voordat hulle skoolopleiding begin. Grimsley (1992:117) is van mening dat hierdie leerlinge geleer het om deur hulle oë te leer en hulle kan bestempel word as "visuele leerders". Grimsley voer verder aan dat leer deur middel van media eerstens visueel en daarna deur gehoor plaasvind, en daarom kan kinders met 'n magdom fotobeelde rondloop wat heeltemal onafhanklik is van verbale inligting. Fotobeelde dui op visuele patrone en seine, terwyl verbale inligting dui op dit wat mondelings oorgedra word.

Elke individu het 'n unieke leerstyl, naamlik. "visueel" en/of "ouditief". Persone wat "visueel" leer, dink in terme van beelde en prente. Die inligting wat hul leer en lees, word omskep in beelde en word so gestoor in die brein. Indien hierdie persoon iets wil herroep, sal hy dit in terme van beelde doen wat hy/sy in die brein "sien". So 'n persoon sal dus makliker leer deur 'n visuele medium soos byvoorbeeld video. 'n Persoon wat ouditief leer, is geneig om na dit wat die aanbieder of leerder sê, te luister en dit te onthou, maar lê nie veel klem op die visuele nie.

Hoewel persone wat visueel leer, makliker sal leer deur middel van video, moet die video nogtans op die korrekte wyse aangebied word om so 'n persoon te akkommodeer. Dit wat kykers kan sien, ondersteun die verbale woord en versterk die boodskap (Anon, 1989:4). Visuele hulpmiddels, soos video, moet aanvullend wees ten opsigte van die boodskap, anders sal dit 'n negatiewe invloed hê op oorreding en boodskapherroeping van leerders. Visuele hulpmiddels wat nie aanvullend is nie, sal die individu se aandag aftrek en daarom moet visuele beeldelemente so aangewend word dat dit maklik verstaanbaar is. Woorde en figure moet leesbaar wees en kleure moet versigtig gekies word sodat elke element so eenvoudig as moontlik is (Anon., 1989:4).

Ander elemente waarop die onderwyser of aanbieder moet let, is tekens en simbole. Hierdie elemente is die fondament van enige kommunikasieboodskap. Omdat daar egter honderde tekens en simbole tot beskikking van die kommunikator is, bestaan die neiging om klein eenhede van tekens en simbole in groter eenhede te groepeer. So is skryftekens gesamentlik 'n kode, net soos wat kleur en musiekklanke of enige nie-verbale tekens 'n kode vorm (Le Roux, 1990:70). Produksietegnieke kan ook bestempel word as kommunikasiekodes.

Video en ander vorme van visuele hulpmiddels sal 'n invloed hê op die leersituasie aangesien onderwysers kommunikeer deur middel van kommunikasiekodes. Visuele hulpmiddels beïnvloed die kind vandat hy begin televisie kyk, tot aan die einde van sy lewe. Hierdie visuele elemente, wat dien as kommunikasiekodes, moet versigtig aangewend sodat die individu se aandag behou word en om verwarring te voorkom. Indien produksietegnieke van 'n video nie korrek aangewend word nie, kan dit lei tot oneffektiewe kommunikasie.

Bogenoemde stelling sluit aan by Larson (1992:100) se semantiese benadering tot die gebruik van taal. Hierdie benadering gaan uit van die aanname dat interpersoonlike persepsies of konsepte, persone, groepe of idees wat persone in hulle gedagtes vorm, dikwels verskil van die ware persepsies of konsepte, persone, groepe of idees. Hierdie idees en persepsies word dan uitgebeeld deur taal sodat dit aan ander oorgedra kan word. Dit is noodsaaklik dat die navorser bewus is van die bepaalde persepsies en idees, om dit sodoende op die effektiufste wyse te inkorporeer in die video.

Die videoteks in hierdie studie is gevolglik in Tswana, omdat die bepaalde groep respondente Tswana-sprekende leerders is. Hierdie gegewe moet deur die navorser in ag geneem word, om sodoende effektiewe kommunikasie te verseker. Die boodskap moet naamlik korrek oorgedra word en dit moet vir die leerder moontlik wees om die boodskap te herroep sonder dat eksterne veranderlikes (kyk hoofstuk 3) die navorsing beïnvloed. Vervolgens word produksietegnieke bespreek.

2.3 PRODUKSIEEGNIEKE (VIDEOTEKNIEKE)

2.3.1 Begripsomskrywing

Produksieegnieke, ook genoem *tegnologiese mediëring* (Van Graan, 1996:13) dien as sinoniem vir verskeie ander konsepte, naamlik estetiese beeldelemente (Zettl, 1990), asook stilistiese tegnieke (Chandler & Griffiths, 2000; Van Graan, 1996:13; Baggaley, 1980; McCain, Chilberg & Wakshlag, 1977). Hierdie konsepte omsluit aspekte soos skootraming, kamerahoek, kamerabeweging, komposisie, animasie, spesiale effekte, visuele agtergrond en subtitels (Baggaley, 1980; Van Graan, 1996:1). Grimering en beligting kan ook beskou word as aspekte van tegnologiese mediëring.

2.3.2 Benutting van produksieegnieke

Produksieegnieke word aangewend met die doel om die kyker op die een of ander wyse te beïnvloed (Van Graan, 1996:14; Zettl, 1990). Dit blyk uit literatuur dat die doel van produksieegnieke is om kykers na die produk te laat *kyk*. Chandler en Griffiths (2000) en Baggaley en Duck (1976:31) voer aan dat die skep van visuele belangstelling die oorheersende motief is met die gebruik van hierdie tegnieke. Hulle meen dat regisseurs hierdie tegnieke benut ten einde 'n produk te vervaardig wat die kyker se aandag sal behou. In die meeste gevalle is die kyker egter nie eens daarvan bewus dat hy deur hierdie tegnieke beïnvloed word nie (Chandler & Griffiths, 2000; Baggaley & Duck, 1976:31).

Volgens Van Graan (1996:15) is daar bepaalde vereistes waaraan produksieegnieke moet voldoen. Sy stel dit dat alle detail wat in die beeld is, groot en duidelik moet wees omdat dit sal lei tot 'n gekonsentreerde gesigspunt en die kyker geen probleme sal ondervind om sy aandag op 'n bepaalde plek te vestig nie. Die navorser kan die kyker se gesigspunt manipuleer en verseker dat hy aandag skenk aan die belangrike inligting op die skerm.


Indien die kyker se aandag nie op die video gevestig bly nie, sal hy/sy probleme ondervind om samehangende en opeenvolgende denkprosesse te volg en om te verstaan wat die regisseur wil oordra. Ongeag die aard van die program (drama, nuusbuletin ens.), is inligtingoordrag 'n onderliggende doel. Dit is dus noodsaaklik dat kykers relevante feite deurgaans kan volg sodat die regisseur in sy/haar doel sal slaag.

Volgens Van Graan (1996:15) is variasie van skootgrootte ideaal om die maksimum informasie oor te dra en die maksimum visuele belangstelling te bewerkstellig. 'n Goeie voorbeeld is die aanbieding van 'n rugbywedstryd. Die wedstryd sal eentonig en vervelig wees as die regisseur net wye skote gebruik en die kyker sal nooit fyner detail van die wedstryd kan sien nie. Deur skootgrootte af te wissel, word die kyker aan al die aspekte van die wedstryd blootgestel en gaan die minimum inligting verlore. Hierdie bespreking sluit aan by Zettl (1990) se induktiewe benadering. Die benadering gaan van die standpunt uit dat die sekvens begin met detail van die gebeurtenis en dan beweeg na 'n algemene oorsig. Om al die nabyskote in perspektief te plaas, word 'n wye-oriëntasieskoot gebruik en dit sal die kyker help om psigologiese sluiting toe te pas.

Hoe die kyker sy/haar realiteit ervaar, kan egter nie volkome nageboots word deur die kamera nie. Die beeld wat die kamera afneem is bloot 'n gemanipuleerde brokkie van die werklikheid wat so aangebied word dat die kyker dit verstaan en ervaar as die totale werklikheid. Dit gebeur omdat die kamera die beeld beperk tot 'n reghoekige skerm en die kyker is dikwels geneig om oënskynlike ruimtelike verhoudings te sien wat nie werklik bestaan nie. Zettl (1990:115) skryf hierdie neiging toe aan die mens se behoefte aan perseptuele eenvoud, omdat die mens gedurig poog om sy chaotiese omgewing te stabiliseer.

Die mens is geneig om gapings in visuele informasie psigologies te vul, om sodoende hanteerbare en volledige konfigurasies en patrone van beelde te vorm (kyk Figuur 2.1). Hierdie perseptuele aktiwiteit staan bekend as psigologiese sluiting (Zettl, 1990:115; Van Graan, 1996:16).

FIGUUR 2.1
Voorbeeld van psigologiese sluiting



Die drie sirkels in die figuur word deur die kyker waargeneem as 'n driehoek in plaas van drie aparte kolle. Dit is vir die kyker makliker om die driehoek te sien. Hierdie verskynsel staan bekend as psigologiese sluiting.

Zetl, 1990:115

Die resultaat van die psigologiese sluitingsproses vorm is die *gestalt*. Daar is verskeie faktore wat psigologiese sluiting kan beïnvloed, soos onder andere: *proksimiteit* (beeldelemente wat na aan mekaar is wat dan 'n geheel vorm), *eenvormigheid* (soortgelyke beeldelemente wat 'n geheel vorm) en *kontinuiteit* (die rigting van die kontinue lyn sal byvoorbeeld nie maklik versteur word deur ander lyne wat daardeur sny nie).

Benewens psigologiese sluiting aanvaar die kyker byvoorbeeld die twee-dimensionele swart-en-wit televisiebeeld as 'n aanvaarbare voorstelling van 'n kleurvolle drie-dimensionele realiteit. Indien produksietegnieke verkeerd aangewend word, kan die televisiebeeld gou aantrekkingskrag vir die kyker verloor (Van Graan, 1996:16).

Dit blyk noodsaaklik te wees om produksietegnieke aan te wend om aandag te trek en visuele belangstelling te prikkel. Heelwat van hierdie produksietegnieke word so subtiel aangewend dat die kyker onbewus is daarvan dat die tegnieke of manipulasies daarvan inderdaad aangewend word (Chandler & Griffiths, 2000). In

hierdie studie poog die navorser om veelvuldige produksietegnieke op so 'n wyse aan te wend dat die effek daarvan op boodskapherroeping bepaal kan word.

Die navorser het vier video's vir hierdie studie vervaardig. Elk van hierdie video's bevat 'n boodskap oor die gevare van rook. Die navorser streef dus daarna om die kyker (leerders) in te lig oor die gevare van rook en te oordeel dat die rookgewoonte gevaarlik is. Oneffektiewe aanwending van produksietegnieke kan die oordrag en herroeping van die boodskap belemmer.

Die geskiktheid van die gebruik van produksietegnieke varieer met omstandighede en na aanleiding van die regisseur se individuele styl en benadering (McCain, Chilberg & Wakshlag, 1977). Tegnieke word dikwels in kombinasie met mekaar gebruik. Soms is dit moeilik om in navorsing te onderskei tussen die effekte van afsonderlike tegnieke op die eindresultaat (Le Roux, 1979:2). Dit dra waarskynlik by tot die beperktheid van navorsing waarin produksietegnieke geïsoleer word. As gevolg hiervan word die gesamentlike en afsonderlike effek van produksietegnieke bespreek aan die hand van psigologiese effekte op die kyker.

2.3.3 Die psigologiese effek van produksietegnieke

Baggaley (1980:xii) voer aan dat "all communication depends upon skills of presentation, and when it occurs via TV an extensive repertoire of techniques is drawn upon. They produce a range of 'meta-messages' intended to convey the main content as effectively as possible. But at times they defeat the intended message with an impact of their own; while at others they bolster it to a persuasive status it may not deserve. For the TV producer as well as the viewer, therefore, an understanding of the effects of TV presentation can provide a finer control over the advantages it can bring and safeguards against abuse."

Regisseurs van video's en televisieprogramme vervaardig hul produksies deur 'n verskeidenheid van opwindende tegnieke te gebruik. Tog het hierdie tegnieke

dikwels 'n onverwagte effek, want dit kan in sommige gevalle die kyker verwar of selfs mislei. Hierdie produksietegnieke word gewoonlik gebruik sonder om in ag te neem hoe dit die kyker onbewustelik beïnvloed (Chandler & Griffiths, 2000; Huston & Wright, 2000; Baggaley & Duck, 1976:34). Navorsing op hierdie gebied word in die volgende paragrawe toegelig.

Van Graan (1996) het die invloed ondersoek van aanbiederposisionering en die aspekratio van die skerm op kykerevaluasie van aanbiedergeloofwaardigheid in werwingsvideo's. Sy het bevind dat die meeste respondente die middel van die skerm identifiseer as die skermposisie waar die aanbieder as geloofwaardig beskou word, ongeag of normale of hoë definisie televisie (HDTV) gebruik word. Sy stel dit dat die linker visuele veld, wat gedomineer word deur die regterhemisfeer van die menslike brein, verskillend waargeneem word as die regter visuele veld, en dat dit dikwels gepaard gaan met onbewustelike psigologiese effekte op die kyker. Sy het bevind dat respondente aanbiedergeloofwaardigheid op die middel van die normale televisieskerm, eerder as op die middel van die HDTV-skerm, as meer positief geëvalueer het. Die resultate van haar studie is egter nie statisties beduidend nie.

Schlatter (1970) het waargeneem dat kykers 'n hoër toleransie het vir irrelevante visuele informasie as wat deur vervaardigers en navorsers aanvaar word. In teenstelling hiermee het Gershon (1999) en Reese (1984) bevind dat 'n oormaat visuele en verbale stimuli die leerproses en kommunikasie benadeel. Welch en Watt (1982) het in hulle ondersoek oor visuele kompleksiteit geen beduidende resultate aangebied nie, maar hulle wys wel daarop dat daar beslis 'n verband is tussen visuele kompleksiteit, aandag en boodskapherroeping (kyk afdeling 2.5). Hierdie bevinding word ook ondersteun deur Blake (1998).

Chandler en Griffiths (2000), Mazur (2000), Chandler (1999), Moriarty en Popovich (1989), Baggaley en Duck (1976), sowel as McCain, Chilberg en Wakshlag (1977) het die invloed van die kamerahoek op kykers ondersoek. Baggaley en Duck (1976), sowel as McCain, Chilberg en Wakshlag (1977) het ondersoek ingestel na die invloed van die kamerahoek op brongeloofwaardigheid en aantreklikheid. Hulle het bevind dat 'n televisiepersoonlikheid sy aantrekkingskrag en geloofwaardigheid kan verbeter

deur slegs kamerahoeke aan te pas. Moriarty en Popovich (1989) het ondersoek ingestel oor die invloed van kamerahoek op kiesers se persepsies van die verskillende kandidate tydens die 1988 presidensiële verkiesing in Amerika. Terwyl Chandler en Griffiths (2000) ondersoek ingestel het na verskille in die gebruik van kamerahoeke, en ander produksietegnieke, in die vervaardiging van advertensies vir verskillende geslagte. Hulle het bevind dat die kamerahoek dikwels skerper is, en vinniger verander in advertensies vir seuns om die persepsie van opwinding te skep, terwyl die kamerahoek vir dogters dikwels sagter is en 'n persepsie van kalmte skep.

Kipper (1986) het 'n studie onderneem om te bepaal of kamerabeweging bydra tot perseptuele inligting en het bevind dat kamerabeweging daartoe lei dat die kyker 'n beter persepsie van die televisiebeeld vorm. Rothkopf, Dixon en Billington (1986) het in hulle studie oor die invloed van ruimtelike konteks in die televisieboodskap op boodskapherroeping bevind dat die aanwending van ruimte 'n belangrike rol speel in inligtingprosessering. In sommige gevalle verbeter dit kykers se inligtingprosessering. Hierdie aanname word ondersteun deur Nass, Reeves en Leshner (1993).

Verskeie ander produksietegnieke is bestudeer. Fontes (1995) en Edwardson, Kent en McConnell (1985) het ondersoek ingestel na die gebruik van videoteks teenoor die gebruik van 'n aanbieder en die invloed daarvan op die kyker. Hulle het waargeneem dat boodskappe wat videoteks gebruik, beter deur die kykers onthou en begryp word as boodskappe wat deur middel van die aanbieder oorgedra word.

Du Preez (1996) het die invloed van skermverwante tegnologieë en die rol daarvan op die mens se persepsie van wat reël is, ondersoek en bevind dat die media die aard van die samelewing sowel as die wyse waarop die werklikheid waargeneem word, verander.

Studies is deur Hanson (1989) en Metallinos (1989) onderneem om te bepaal of die variasie in produksietegnieke tot houdingsverandering kan lei. Hanson (1989) het die

beginsels van die aanwending van produksietegnieke ondersoek, maar die studie het geen beduidende resultate opgelewer nie.

Metallinos (1989) het ondersoek ingestel na die manier waarop ontwikkeling in tegnologie gelei het tot verbeterde mediabeelde en hoe dit die kyker psigologies beïnvloed. Hy maak geen bepaalde aannames nie, maar voer aan dat dit wel begrip en boodskapherroeping van die kyker in bepaalde omstandighede op positiewe of negatiewe wyse beïnvloed.

Volgens Gershon (1999) en Edwardson, Kent en McConnell (1985:367) kan die gebruik van veelvuldige produksietegnieke lei tot 'n afname in boodskapretensie (kyk afdeling 2.6). Dit is noodsaaklik dat die ontvanger van die boodskap nie sensories oorlaai word nie, indien dit gebeur, is alle pogings tot oorreding sinneloos. Hierdie sensoriese oorlading sal dan boodskapherroeping belemmer aangesien dit kan veroorsaak dat die inligting nie effektief deur die brein, dus die kognitiewe proses, verwerk word nie. Hierdie verskynsel word onder die opskrif *Boodskapherroeping* (kyk afdeling 2.5) bespreek.

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde van ondersoeke na die verband tussen psigologiese effekte en produksietegnieke op kykers. Die vermenigvuldiging van produksietegnieke as gevolg van tegnologiese vooruitgang in die visuele media, stimuleer navorsing oor die impak van produksietegnieke op kykers en ander gebruikers van die visuele media (Van Graan, 1996; Welch & Watt, 1982).

Produksietegnieke word dikwels slegs aangewend omdat dit beskikbaar is en uitgevoer kan word. Nietemin is dit voor die hand liggend dat produksietegnieke dikwels aangewend kan word met die doel om die kykers op een of ander wyse te beïnvloed. Om die verlangde psigologiese effek op die kyker te bereik tydens 'n oorredingsboodskap, moet die kyker oorreed word om sy/haar houding te verander. Aansluitend hierby word oorreding dus vervolgens bespreek.

2.4 OORREDING

2.4.1 Inleiding

Die navorser maak in die video's gebruik van 'n ooredingsboodskap wat handel oor die rookgewoonte. Daar word gestreef om die ongewenste psigologiese effekte op boodskapherroeping, soos byvoorbeeld verwarring, uit te skakel. Daar word gepoog om 'n ooredingsboodskap te gebruik wat effektiewe boodskapherroeping tot gevolg sal hê.

Die ideaal van 'n ooredingspoging is om die ontvanger se houding ten opsigte van iets te verander en sodoende sy gedrag te verander. Olson en Zanna (1993:129) stel dit dat houding 'n belangrike rol speel in die ontvanger se beoordeling van hul sosiale wêreld. Dit dui daarop dat indien die ontvanger van die boodskap 'n negatiewe houding het teenoor byvoorbeeld die rookgewoonte, hy sy sosiale wêreld daarvolgens beoordeel en in die meeste gevalle negatief sal optree teenoor ander wat rook. Hierdie stelling sluit aan by Larson (1992:100) se semantiese benadering tot taal (kyk afdeling 2.2). Oorreding word nou verduidelik aan die hand van 'n model (die *uitbreidingsmoontlikheidteorie*) wat inligtingprosesserings direk aan boodskapherroeping koppel.

2.4.2 Die uitbreidingsmoontlikheidteorie

Die uitbreidingsmoontlikheidteorie is ontwikkel deur Richard Petty en John Cacioppo en dien as 'n algemene oorsig van die verskeidenheid houdingsveranderingsteorieë (Petty & Cacioppo, 1981). Ander navorsing aan die hand van die teorie is onderneem deur Littlejohn (1989) en Larson (1992). Die fundamentele aanname is dat individue inligting van 'n ooredingsboodskap op een van twee wyses prosesseer, naamlik deur 'n *sentrale* of 'n *periferele* roete.

Wanneer inligting deur die sentrale roete verwerk word, dink die individu aktief oor inligting en weeg dit dan op teen reeds bestaande kennis. Wanneer inligting deur die

perifere roete verwerk word, dink die individu nie werklik aktief oor inligting nie en kan die individu makliker *oorreed* word deur nie-argumentatiewe ooredingsboodskappe. Inligting wat deur die sentrale roete verwerk word, het in die meeste gevalle permanente houdingsverandering tot gevolg (Littlejohn, 1989:86).

Aan die ander kant van die spektrum sal inligting wat periferaal verwerk word, minder belangrik geag word en sal enige verandering wat plaasvind, tydelik wees. Die primêre faktor wat bepaal hoe individue inligting sal verwerk, is persoonlike relevantheid. Dit is naamlik die graad van belangrikheid van die rol van hierdie onderwerp in die ontvanger se eie lewe. As die individu die boodskap as belangrik beskou, sal hy/sy meer aandag gee aan argumente en meer aktief daarvoor dink. Persoonlike relevantheid is slegs een van verskeie faktore wat sal bepaal hoe die boodskap verwerk word.


Die respondent moet die boodskap hoor en verstaan, aandag kan gee sonder enige steuring, die nodige tyd en energie tot sy/haar beskikking hê, en beskik oor voldoende agtergrondkennis om die boodskap te kan begryp (Olson & Zanna, 1993:118). Indien die motivering en die vermoë van die ontvanger hoog is, sal hy/sy meer aandag aan die boodskap gee en dit sal lei tot uitbreiding op inligting wat aangebied word (kyk Figuur 2.2).

Die uitbreidingsmoontlikheidsteorie impliseer die volgende:

- Indien 'n individu gemotiveerd na die ooredingsboodskap luister en die inligting dan sentraal verwerk, sal die resultaat van die ooredingspoging ook beïnvloed word deur die *aard* van die ooredingsboodskap asook deur die soort argument wat gebruik word (byvoorbeeld vreesappèl, emosionele appèl ens.).
- Indien die argument van die ooredingsboodskap *sterk* is, sal die ontvanger meer geredelik oorrede word. Indien die argument van die ooredingsboodskap *swak* is, sal dit tot 'n boemerangeffek lei, wat beteken dat die boodskap verwerp word (Littlejohn, 1989:86).

FIGUUR 2.2

Die uitbreidingsmoontlikheidsteorie



Littlejohn, 1989:86


Hierdie teorie is relevant ten opsigte van die verband tussen inligtingsverwerking, oorreding en uiteindelik ook boodskapherroeping. Soos reeds gestel, moet die respondent:

- die boodskap kan hoor en verstaan,
- aandag kan gee sonder enige steuring,
- die nodige tyd en energie tot sy beskikking hê, en
- beskik oor voldoende agtergrondkennis om die boodskap te begryp.

Indien dit nie gebeur nie, sal die individu nie inligting sentraal volgens die uitbreidingsmoontlikheidsteorie verwerk nie en dan sal oorrading en houdingsverandering nie plaasvind nie (Olson & Zanna, 1993:118).

In hierdie studie is die ontvangers leerders wat kyk na die video oor die gevare van die rookgewoonte. Indien leerders se aandag afgetrek word, hetsy deur die gebruik van veelvuldige produksietegnieke of ander eksterne faktore, behoort hulle nie inligting in die oorreringsboodskap sentraal te kan verwerk nie. Schlater (1970: 63-64) stel dit dat die gebruik van veelvuldige en irrelevante produksietegnieke dikwels die kyker oorlaai. Fellenz (1997) en Hanson (1989:15) ondersteun hierdie stelling dat televisie die ontvanger se vermoë om inligting te ontvang en te verwerk, kan oorlaai met sy verskeidenheid van produksietegnieke wat die ontvanger aanspreek op verskeie sensoriese kanale soos byvoorbeeld gehoor, sig, verbaal ensovoorts.

FIGUUR 2.3
Die invloed van sensoriese oorlading op oorrading



Hierdie verskynsel staan bekend as *sensoriese oorlading*. Dit kan daartoe aanleiding gee dat geen houdingsverandering en oorreding ten opsigte van die gevare van die rookgewoonte sal plaasvind nie (kyk Figuur 2.3). Figuur 2.3 stem ooreen met figuur 2.2, al verskil is die invloed van sensoriese oorlading direk na die oorredingsboodskap (kyk figuur 2.2). Indien sensoriese oorlading direk na boodskapoordrag plaasvind kan die individu inligting dikwels nie sentraal of periferaal prosessee nie en leerders kan dan nie die nodige aandag skenk aan die oorredingsboodskap nie.

Die uitbreidingsmoontlikheidteorie het in besonder betrekking op inligtingverwerking. Inligtingverwerking, wat deel is van die leerproses, kan beskou word as die basis van boodskapherroeping (kyk afdeling 2.5.5). Die uitbreidingsmoontlikheidteorie is slegs een faset van oorreding en daar moet gelet word op die invloed van vreesappèlle op die oorredingsboodskap omdat die aard van die argument/boodskap 'n effek op inligtingverwerking het (Larson, 1992:264) .

2.4.3 Die gebruik van vreesappèlle in oorreding

Volgens Hale, Lemeux en Mongeau (1995:459) dui die begrip *vreesappèl* op 'n boodskap wat handel oor iets wat 'n persoon fisies skade kan berokken of wat negatiewe sosiale gevolge kan hê. Die appèl word beklemtoon om sodoende 'n persoon aan te moedig om bepaalde voorstelle na te volg.

Vreesappèlle dui op oorredingsboodskappe wat ontwerp word om mense bang te maak deur aan hulle die gevolge van hul dade te wys, indien hulle nie hulle houdings en gedrag aanpas soos wat deur die boodskap voorgestel word nie (Witte, 1992:329).

Witte (1992:330) meen dat vreesappèlle gedefinieer kan word in terme van hul inhoud en reaksie wat die appèl genereer by die gehoor. Vreesappèlle bestaan gewoonlik uit inligting wat skok. Hierdie inligting word oorgedra in die vorm van

beskrywende taalgebruik, persoonlike aanspreekvorms en treffende visuele materiaal. Die reaksie wat dit by die gehoor uitlok, kan in twee groepe verdeel word, naamlik *fisiologiese* en *psigologiese* ongemak. Boodskappe wat gelaai is met vreesappèls, beskik gewoonlik oor bepaalde voorstelle wat die gehoor kan volg ten einde die bedreiging af te weer.

In hierdie studie word gevare en nadele aan die gehoor uitgelig en word hulle oortuig om gevaar af te weer deur of op te hou rook, of deur nie te begin rook nie. Hierdie inligting word oorgedra in video 1 (slegs aanbieder) deur die inhoud van teks wat die aanbieder oordra. In video 2 gaan dit wat die aanbieder sê, gepaard met titels. In video 3 word daar gebruik gemaak van die aanbieder, titels en dramatiese musiek om die vreesappèl te beklemtoon. In die laaste video word die vreesappèl beklemtoon deur die gebruik van al bogenoemde produksietegnieke, asook gebruik van treffende visuele beeldmateriaal. Vervolgens word vreesappèls bespreek aan die hand van die uitgebreide parallelle prosesmodel wat deur Witte (1992) ontwikkel is.

Die uitgebreide parallelle prosesmodel (UPPM):

'n Vreesappèl inisieer twee soorte reaksies by 'n individu. Eerstens vorm die individu 'n persepsie van die bedreiging - indien die persepsie van bedreiging hoog is, sal die individu bang raak. Tweedens evalueer die individu gevolge van die voorgestelde respons. Indien die persepsie van die bedreiging laag is, is vrees laag en die individu sal nie oorgaan tot evaluasie van die gevolge nie. Witte (1992:340-344) maak die volgende aannames wat van belang is vir hierdie studie. Indien die persepsie van die bedreiging laag is, sal die individu nie die boodskap verder verwerk nie, al is die persepsie van die gevolge hoog, soos byvoorbeeld longkanker en borskanker in die geval van rook. Die individu reageer dus ten opsigte van gevaar en nie noodwendig vrees nie.

Die persepsie van bedreiging bepaal die intensiteit van die reaksie, terwyl persepsie van gevolge die aard van die reaksie sal bepaal. Indien persepsie van bedreiging verhoog, sal boodskapaanvaarding verhoog. Dit beteken dat, indien die individu se persepsie van gevaar van die rookgewoonte hoog is, hy/sy 'n meer intense reaksie

sal ervaar. Die individu se persepsie van gevolg, byvoorbeeld longkanker en borskanker, sal dan die aard van die reaksie bepaal, byvoorbeeld om op te hou rook.

Indien dit daartoe lei dat die individu dink oor die bedreiging sal dit intensie-, houding- en gedragsverandering tot gevolg hê. Die individu sal dus die inligting verwerk volgens die sentrale roete. As die individu dus die inligting verwerk, sal sy intensies, houding en gedrag waarskynlik daardeur beïnvloed word. Indien die persepsie van bedreiging verhoog maar die persepsie van gevolg verlaag, sal die individu die teenoorgestelde van die voorgestelde gedrag openbaar. Indien die persepsie van die bedreiging verhoog maar die persepsie van die gevolg bly gematig, sal boodskapaanvaarding eers verhoog en daarna verlaag. Die leerders se persepsie van bedreiging (bv. die gevare van rook) moet dus hoog wees en terselfdertyd moet die persepsie van gevolg (bv. kanker en dood) ook hoog wees sodat die aard van die reaksie (ophou rook/nie begin rook nie) ooreenstem met voorgestelde gedrag. Navorsing wat deur Roser en Thompson (1995:103-119) gedoen is, dui daarop dat die gebruik van vreesappelle effektief kan wees in generering van aktiewe deelname in gehore wat voorheen min of geen betrokkenheid getoon het nie. Die boodskap wat 'n sterk vreesappèl bevat, kan die betrokkenheid van die gehoor en hul persepsies van die bedreiging en die gevolge daarvan verhoog.

Die navorser moet om hierdie redes die vreesappèl in die vier video's so aanwend dat dit leerders sal inlig oor die bedreiging asook gevolge van rook. Alle oorrading is relatief aangesien elke individu uniek is en daarom sal elke individu se persepsie verskil. Dit bring 'n belangrike punt na vore, naamlik die rol van die ontvanger.

2.4.4 Die rol van die ontvanger tydens oorrading

Die konsep "betrokkenheid" word verskillend gedefinieer deur verskeie navorsers in oorradingskommunikasie. Eerstens word betrokkenheid beskou as 'n gemotiveerde toestand wat veroorsaak word deur die verhouding tussen houding en selfkonsep van die individu. Dit dui dus op die persepsie wat die individu van homself het (Johnson & Eagly, 1989:290). Dit kan beskryf word as die individu se verhouding tot en houding teenoor 'n saak voor die individu blootgestel word aan enige

oorredingsboodskap (Roser, 1990:575). Betrokkenheid kan beskryf word as sake wat van persoonlike belang is, wat sal lei tot houdingsverandering (Universiteit van Arizona, 2000; Petty & Cacioppo, 1990:368). Soos reeds aangedui, is houdingsverandering een van die kernaspekte van die uitbreidingsmoontlikheidsteorie van Petty en Cacioppo wat dien as 'n algemene oorsig van die verskeidenheid houdingsveranderingstoeriete (Petty & Cacioppo, 1981).

Die rol van betrokkenheid van die ontvanger tydens oorreding is deur verskeie navorsers ondersoek. Uit die navorsing van Petty en Cacioppo (1990:367-374) het aan die lig gekom dat 'n boodskap van persoonlike belang kan wees omdat dit verband hou met 'n verskeidenheid aspekte wat vir die individu van persoonlike belang is, soos byvoorbeeld waardes, norme en doelwitte.

Dit is belangrik dat die individu die persepsie het dat die boodskap belangrik is ten opsigte van die self (Johnson & Eagly, 1990). Dit dui daarop dat die individu moet voel dat die boodskap hom as persoon raak of iets raak waarvoor hy/sy bepaalde gevoelens huldig. Indien die leerders in hierdie studie persoonlik geraak word deur die rookgewoonte of hul sterk persoonlike gevoelens het teenoor die rookgewoonte, sal hul betrokkenheid by die oorredingsboodskap verhoog. Petty en Cacioppo (1990:367-374) het verder bevind dat hoe hoër 'n persoon se betrokkenheid is, hoe dieper word sy kognitiewe verwerking van die boodskap en dan word die kwaliteit van die boodskap 'n bepalende faktor in oorreding. Dit dui daarop dat indien die leerders 'n hoë betrokkenheid toon, hulle die inligting in die oorredingsboodskap aktief, volgens die sentrale roete, sal verwerk. In hierdie geval word kwaliteit van die boodskap, byvoorbeeld of sterk of swak argumente gebruik word, 'n bepalende faktor in die oorredingsproses. Indien die video's wat deur die navorser vervaardig word nie oor 'n oorredingsboodskap met 'n hoë vreesappèl beskik nie, sal die leerders nie oorreed word nie.

Roser (1990:573) beweer dat 'n individu meer aandag skenk aan 'n onderwerp van hoë selfbelang, wat weer daartoe lei dat dit die boodskap se relevantheid verhoog. Hierdie aanname word ondersteun deur navorsing onderneem deur studente verbonde aan die Universiteit van Arizona (2000). Dit wil sê, as 'n persoon sterk voel

oor die rookgewoonte, sal die onderwerp vir hom/haar baie belangrik wees en dit sal ook 'n groter rol in sy/haar lewe speel. Tog is daar verskeie eksterne faktore wat aandag en motivering beïnvloed, byvoorbeeld geloofwaardigheid en ruis (bv. kommunikasieruis en omgewingsruis).

Ten opsigte van betrokkenheid en bogenoemde eksterne faktore formuleer Roser (1990:573) die hipotese dat boodskaprelevantheid 'n funksie is van aandag aan die boodskap. Dit kom daarop neer dat hoe meer relevant die boodskap is, hoe meer aandag sal die ontvanger daaraan skenk. Motivering en aandag kan direk gekoppel word aan die belangrikheid wat die boodskap vir die individu self het.

Roser (1990:573) argumenteer dat kennis beskou kan word as 'n funksie van aandag. Indien 'n persoon dus meer aandag aan die boodskap skenk, sal dit daartoe lei dat die persoon oor meer kennis oor die spesifieke onderwerp sal beskik. Hierdie stelling is baie relevant ten opsigte van die studie in terme van oorreding sowel as boodskapherroeping, aangesien die navorser poog om die leerders in te lig en te oorreed en die graad van boodskapherroeping wil meet.

Soos reeds aangetoon is, kan oorreding nie plaasvind indien die individu (leerders) nie voldoende aandag skenk aan die boodskap nie. Onvoldoende aandag sal daartoe lei dat die leerders nie voldoende kennis opdoen nie en die onderwerp se relevantheid sal nie verhoog nie. Dus sal die onderwerp ook nie van hoë selfbelang vir die leerders wees nie. Hierdie hipoteses moet deur die oorreders in ag geneem word tydens die formulering van 'n oorredingsboodskap, so ook hoe hierdie aspekte boodskapherroeping gaan beïnvloed, aangesien herroeping deel van die aandagproses is. Hierdie stellings is belangrik ten opsigte van boodskapherroeping, aangesien aandag 'n sentrale deel vorm van die kognitiewe proses wat daartoe lei dat leerders die boodskap sal kan herroep.

Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat daar verskeie argumente rondom die belangrikheid van betrokkenheid ten opsigte van die sukses van die oorredingspogings is. Daar is verskeie eksterne faktore wat hierdie aspek kan

beïnvloed, naamlik die kwaliteit van die boodskap, aantal boodskappe, aandag, motivering, ensovoorts. Betrokkenheid kan dus slegs as een van verskeie veranderlikes beskou word. Betrokkenheid beïnvloed oorreding in die sin dat dit intensiteit van inligtingverwerking en rigting van verwerking beïnvloed. Dit kan aanvaar word dat betrokkenheid van ontvangers 'n rol kan speel tydens boodskapherroeping omdat boodskapherroeping, soos reeds aangedui, deel vorm van die kognitiewe proses.

Houding beïnvloed alle stappe van inligtingverwerking, insluitend aandag, enkodering, begrip, uitbreiding, interpretasie en geheue. Daar word aanvaar dat herroeping beskou word as die aktualisering van die geheue (kyk afdeling 2.5.2) en die geheue word beskou as 'n kernaspek van oorreding. Inligting moet geprosesseer en gestoor ten einde houdingsverandering (en oorreding) tot gevolg te hê. Daar word in hierdie studie nie spesifiek gefokus op oorreding nie aangesien oorreding 'n langtermynproses is. Vir die doeleindes van hierdie studie word boodskapherroeping ondersoek omdat leerders slegs op een geleentheid (na afloop van blootstelling aan stimulus) getoets is, en resultate nie oorreding en houdingsverandering kon meet nie. Ten einde 'n geheelbeeld te vorm van hierdie studie, is dit noodsaaklik dat oorreding en boodskapherroeping met mekaar in verband gebring word om die invloed van produksietegnieke op boodskapherroeping te toets.

2.5 BOODSKAPHERROEPING

2.5.1 Inleiding

'n Mens probeer daagliks om 'n verskeidenheid feite te leer, soms uit vrye wil, maar meestal omdat dit in skole en universiteite vereis word. Een van die wyses waarop bewys word dat die leerproses werklik plaasvind, is deur die aktualisering van dit wat geleer word (Angus, 1993:56). Dit behels die skryf van toetse en eksamens. Die proses van herroeping vind binne die brein plaas en kan beskou word as deel van die kognitiewe proses. Dit wil voorkom asof herroeping een aspek is van 'n verskeidenheid konsepte van die leerproses asook van die kognitiewe proses.

Daarom word daar in die volgende afdeling 'n analise gemaak van herroeping om teen die agtergrond van die hipotese van hierdie studie vas te stel wat die verband tussen produksietegnieke, oorrading en boodskapherroeping is.

Angus (1993:73) omskryf *herroeping* as "... a deliberate, conscious effort to withdraw material which has been previously assimilated and anchored in the cognitive structure". Op sy beurt beskryf Mathews (1992:16) herroeping as die individu se vermoë om inligting wat geënkodeer en gestoor is, op te roep volgens behoefte.

In hierdie afdeling word herroeping ontleed binne die konteks van die kognitiewe funksie en die leerproses. Die kognitiewe funksie en die leerproses moet bestudeer word ten einde die totale proses van inligtingverwerking te verstaan. Herroepingstake dui op take waarin stimuli aan die individu voorgelê word. Die individu word dan in die afwesigheid van daardie stimuli gevra om dit te herroep. Sodoende word die individu se vermoë om te herroep, getoets (Mathews, 1992:16). In terme van hierdie studie is die stimuli wat aan individue voorgelê word video's (met hulle produksietegnieke) wat handel oor gevare verbonde aan die rookgewoonte. Na afloop van blootstelling aan die visuele stimuli het leerders 'n vraelys voltooi waarin hul vermoë om die boodskap te herroep, getoets word.

2.5.2 Herroeping en geheue

Geheue word beskou as die aspek van kognitiewe struktuur wat inligting stoor (wat deur individue geleer word) en dit dan beskikbaar stel vir herroeping. Die korttermyngeheue behels materiaal wat gestoor word binne die geheue vir 'n kort periode (Math Matters, 1998).

Indien hierdie materiaal geassimileer word of geakkommodeer word binne die kognitiewe struktuur, word dit deel van die langtermyngeheue (Harris, 1995; Angus, 1993:74). Die langtermyngeheue word beskou as die vermoë om materiaal te

herroep na die verloop van 'n minuut of enige tydperk langer as dit (Angus, 1993:74).

2.5.3 Herroeping en herkenning

Herroeping en herkenning is twee verskillende kemaspekte van die geheue. *Herroeping* word beskryf as die geheue se produksie van inligting terwyl *herkenning* beskou word as die geheue se persepsie van die inligting. Navorsers gaan van die standpunt uit dat dit moontlik is om inligting te herken, maar dit nie noodwendig te kan herroep nie.

Dit word aanvaar dat materiaal/inligting herken kan word al is dit net gedeeltelik gestoor, terwyl dit onmoontlik is om materiaal te herroep as dit nie volledig gestoor is nie (Angus, 1993:75). Daarom sal dit vir die respondente makliker wees om inligting te herken as wat dit vir hulle sal wees om die inligting te herroep sonder om weer daaraan blootgestel te word. Nadat die leerders in hierdie studie dus aan die video oor die gevare van rook blootgestel is, sal daar byvoorbeeld aan hulle gevra word hoeveel chemikalië daar in sigarette is.

In die geval van herroeping sal hul die inligting self uit hul geheue moet oproep. In die geval van herkenning sal die navorser aan leerders 'n antwoordblad verskaf waarop vier of meer moontlike antwoorde aangebring is, en leerders sal slegs die korrekte getal moet uitken en aandui. Omdat veelkeusevrae herkenning eerder as herroeping toets, maak die navorser nie daarvan gebruik nie.

2.5.4 Herroeping en die kognitiewe proses

Daar is verskeie teorieë geformuleer ten opsigte van herroeping binne die kognitiewe proses. Volgens hierdie teorieë is daar drie prosesse betrokke by herroeping, naamlik (Mathews, 1992):


- 1) 'n soektog om die inligting op te spoor;
- 2) 'n besluit om te bepaal of die inligting wat herroep is, in werklikheid die inligting is wat die individu wil gebruik en;

- 3) 'n genereringsproses waarin die korrekte woorde geproduseer word om betekenis te gee aan die inligting wat herroep is.

Die punte hierbo is slegs 'n vereenvoudigde uiteensetting van herroeping binne die kognitiewe struktuur (Mathews, 1992:16). Herroeping is naamlik nie 'n simplistiese konsep nie. Inligting kan nie slegs in die brein ingevoer word met die hoop dat dit herroep sal kan word nie. Inligting wat in die brein ingevoer word, gaan deur 'n komplekse proses binne die kognitiewe struktuur en slegs daarna kan dit effektief herroep word. Indien daar probleme of onderbrekings in hierdie proses ervaar word, sal effektiewe herroeping nie plaasvind nie.

2.5.5 Herroeping en die leerproses

Die leerproses kan beskou word as inligtingverwerking wat uit vyf stappe bestaan. Figuur 2.4 stel die stappe grafies voor (Birkett, 1996:21).



Birkett, 1996:21

Hierdie stappe is betrokke by die doelbewuste proses waarvolgens inligting geleer word. Inligting wat gestoor is, kan met verloop van tyd vaag en moeilik herroepbaar raak, terwyl inligting wat suksesvol geassimileer en geanker is, effektief herroep kan word na 'n kort periode van boodskapretensie (die vermoë van die brein om inligting te stoor). Tog word dit aanvaar dat hoe langer die periode van retensie is, hoe

swakker raak kanse om inligting effektief en volledig te kan herroep (Birkett, 1996:21).

Die effektiwiteit van die leerproses word dikwels gemeet deur middel van eksamens en toetse. Indien die eksaminator poog om herroeping te toets, moet die toets volgens die vereistes van herroeping opgestel word. Die bewoording van die toets moet dan so wees dat dit die proses van herroeping sal stimuleer. Hierdie gegewe is van belang vir hierdie studie aangesien die navorser juis beoog het om boodskapherroeping by leerders te toets. Die vraelys sal van so 'n aard moet wees dat dit herroeping toets, en byvoorbeeld nie ook herkenning nie. Gevolglik sal besondere aandag gegee word aan die soort vrae en hulle bewoording en sinskonstruksie. Daar moet ook onderskeid getref word tussen langtermynherroeping en korttermyngeheue.

2.5.6 Langtermynherroeping

Langtermynherroeping is die brein se vermoë om gestoorde materiaal te behou en te herroep met die verloop van tyd (1 minuut en langer na blootstelling), sonder dat die inligting konstant herhaal word. Vir inligting om die langtermyngeheue binne te gaan, is dit noodsaaklik dat die ontvanger dit analiseer, goed organiseer en kodeer sodat dit onderskei kan word van ander materiaal (Math Matters, 1998). Herkenning vereis slegs dat materiaal effektief gestoor is, terwyl suksesvolle herroeping vereis dat materiaal gestoor en gedekodeer kan word (Angus, 1993:81).

2.5.7 Korttermyngeheue

Die *korttermyngeheue* is geheue wat mens gebruik om huidige gebeure of gebeure en inligting te onthou wat vir hom/haar relevant is (Math Matters, 1998; Mathews, 1992:1). Inligting word gestoor in die korttermyngeheue en word van daar oorgedra na die langtermyngeheue, waar dit 'n deel vorm van die kognitiewe sisteem wat 'n pertinente rol speel in herroeping en die leerproses. Inligting word tydelik in die korttermyngeheue geberg en in verband gebring of geïntegreer met relevante inligting uit voorkennis, waarna dit oorgeplaas word na die langtermyngeheue totdat dit herroep/gebruik moet word. Inligting wat nie effektief oorgedra word van

korttermyngeheue na langtermyngeheue nie, word vergeet. Hierdie proses kan beskou word as een van die belangrikste fases in die kognitiewe proses (Mathews, 1992:2).

2.5.8 Vergeet

Die mens word daaglik blootgestel aan 'n groot aantal feite en gebeure en almal ervaar die probleem dat van hierdie dinge vergeet word. Vergeet kan deur verskeie faktore veroorsaak word (Mathews, 1992:2). Hierdie faktore sluit in die onvermoë van die individu om inligting akkuraat in te neem, deur verwarring of ruis (kyk afdeling 2.4.2 en Figuur 2.3) of die onvermoë van die individu om die inligting te herroep (Mathews, 1992:2). Inligting wat nie effektief oorgedra word van die korttermyngeheue na die langtermyngeheue nie, word vergeet. Volgens Birkett (1996:20) neem herroeping af met die verloop van tyd. Hierdie verskynsel is een van die grootste probleme in die opvoedkundige situasie, waar dit van die leerders verwag word om so veel as moontlik feite te onthou (Mathews, 1992:3).

2.5.9 Faktore wat herroeping beïnvloed

Verskeie faktore wat boodskapherroeping beïnvloed is deur Birkett (1996) en Iverson Software (2000) geïdentifiseer. Ten einde 'n verhouding tussen produksietegniek en herroeping te bewerkstelling, is dit nodig om 'n paar van hierdie faktore uit te lig en te bespreek. Hoewel verskeie faktore geïdentifiseer is, sal slegs enkele faktore uitgelig word. Hierdie faktore sal in die lig van hierdie studie wel 'n impak op die resultate hê. Die faktore wat bespreek word, sluit in:

- sosiale invloed,
- die verhouding tussen herroeping en die omgewing,
- invloed van die tyd van die dag,
- invloed van ouderdom,
- invloed van vrae,
- invloed van belangstelling, en
- die invloed van etlike ander eksterne faktore.

Elkeen van hierdie faktore word vervolgens kortliks bespreek.

2.5.9.1 Sosiale invloed op herroeping

Veldnavorsing is gedoen deur Bartlett en Geen (volgens Angus, 1993). In hulle navorsing het hulle bevind dat respondente makliker identifiseer met items wat pas in hul sosiale raamwerk. Bartlett het 'n studie van 'n gedeelte van die Swazi-bevolking gemaak. In sy navorsing het hy 'n boodskap wat handel oor mense oorgedra aan 'n jong seun en met verloop van tyd het hy weer die seun getoets en bevind dat die seun die boodskap nie beter of slegter herroep as 'n Europese kind nie. Hy het die toets herhaal op 'n ander seun met 'n boodskap wat gehandel het oor die verkope van vee. Hierdie seun het die boodskap honderd persent akkuraat herroep. Bartlett kom tot die gevolgtrekking dat die boodskap in hierdie geval maklik herroep kon word omdat vee 'n belangrike sosiale rol vertolk in daardie samelewing (Angus, 1993:82). Dit kan derhalwe verwag word dat leerders in hierdie studie wat geen sosiale kontak met rook of die rookgewoonte gehad het nie, die boodskap minder akkuraat sal herroep as leerders wat daaglik met die rookgewoonte te make het.

2.5.9.2 Verhouding tussen omgewing en herroeping

Smith (volgens Angus, 1993) het bevind dat leerders wat in hul natuurlike omgewing getoets is, meer van die boodskap kon herroep as in die gevalle waar hulle getoets is in 'n totaal nuwe omgewing. Hierdie leerders kon die boodskap beter herroep wanneer hulle daarvoor gevra is, deur hulle te herinner aan hul natuurlike omgewing. Dit sal dus beter boodskapherroeping tot gevolg hê as die leerders wat in hierdie ondersoek bestudeer word, die toets aflê in hulle natuurlik omgewing, dit wil sê by die skool. Dit is om hierdie rede dat die navorser die leerders by hulle skool getoets het.

2.5.9.3 Invloed van die tyd van die dag

Verskeie eksperimente is deur Watanabe en Kawaguchi (1999) en Folkard en Monk (1980:306) onderneem om te bepaal of die tyd van die dag 'n invloed op boodskapherroeping van respondente het. Daar is gevind dat die tyd van die dag waarop die materiaal aan die respondente voorgelê word, wel 'n invloed het op boodskapherroeping. Folkard en Monk (1980) het bevind dat materiaal wat in die laatmiddag aan leerders voorgelê is, makliker herroep kon word as materiaal wat in

die vroeë oggend voorgelê is, terwyl Watanabe en Kawaguchi (1999) op hulle beurt bevind het dat herroeping beter is vroeg oggend en in die aand. As gevolg van die beperkings wat in hierdie studie ondervind is, kan respondente net in die oggendure getoets word aangesien dit die enigste tyd is wat hulle beskikbaar is vir toetsing.

2.5.9.4 Invloed van ouderdom

Craik en McDowd (1987: 474) het bevind dat ouderdom geen invloed op die *herkenning* van 'n boodskap het nie. Daar is egter bevind dat daar wel 'n verskil is in *herroeping* by verskillende ouderdomsgroepe. Die resultate van Craik en McDowd se navorsing dui daarop dat herroeping begin afneem hoe ouer die individu word (die ouderdom word nie gespesifiseer nie). Birkett (1996:2) en Lepore (1991) meen dat kinders inligting net so akkuraat soos volwassenes berg maar dat hulle inligting nie so spontaan herroep soos volwassenes nie. Voortvloeiend hieruit moet daar aandag geskenk word aan die ondervragingstegnieke asook die wyse waarop onderhoude met kinders gevoer word, om sodoende hul betroubaarheid en geloofwaardigheid as ooggetuies te verbeter. Na aanleiding van bogenoemde is dit belangrik dat die navorser let op die ondervragingstegnieke wat in hierdie studie gebruik word.

2.5.9.5 Invloed van vrae

Birkett (1996:103) wys daarop dat die onvermoë van kinders om detail akkuraat te kan herroep, dikwels toegeskryf word aan tekortkominge in die onderhoudstegnieke asook die tipe vrae wat gevra word. Birkett se navorsing bewys dat kinders meer akkuraat herroep indien die vrae aan die kind 'n duidelike en logiese struktuur bied vir hul herinneringe. Birkett (1996:103) het in haar navorsing bevind dat die volgorde van vrae nie werklik 'n impak gehad het op die herroeping deur kinders nie. In 'n studie onderneem deur studente verbonde aan die Universiteit van Oregon (1998) is daar bevind dat oop vrae herroeping bevorder terwyl geslote vrae weer herroeping benadeel.

2.5.9.6 Invloed van belangstelling

In 'n studie wat gedoen is deur Angus (1993:131) het dit na vore gekom dat belangstelling van leerders in die materiaal wat aan hulle voorgelê is, die herroeping

van die boodskap positief beïnvloed. Daar kan aanvaar word dat leerders in hierdie studie die boodskap ook meer effektief sal kan herroep as hulle belangstel in die boodskap oor die rookgewoonte en die gevare van rook. Soos reeds gestel, is betrokkenheid en belangstelling ook twee kernaspekte wat bepaal of 'n individu oorreed word of nie. Hierdie stelling kan ook gekoppel word aan oorreding aangesien betrokkenheid en belangstelling van die ontvanger van die oorredingsboodskap 'n pertinente rol speel in oorreding (kyk afdeling 2.4.4).

2.5.9.7 Invloed van ander eksterne faktore

Navorsing in hierdie veld het getoon dat daar ander eksterne faktore is wat herroeping kan beïnvloed, byvoorbeeld beligting, duur van gebeurtenis, stres van die ontvanger asook geweld (Universiteit van Oregon, 1998; Birkett, 1996; Lepore, 1991).

Die ligkwaliteit kan die kwaliteit van die gestoorde inligting beïnvloed. Meer inligting sal ingeneem word en herroeping sal meer akkuraat wees indien daar meer lig is (Birkett, 1996:18). Die navorser moet versigtig wees in die aanwending van beligtingstegnieke asook die tyd van die dag/nag wat die leerders getoets word. In hierdie studie het toetsing in die oggend plaasgevind en daar was voldoende beligting.

Die duur van die gebeurtenis het 'n bepaalde invloed op herroeping. Dit word algemeen aanvaar dat hoe langer 'n persoon na 'n gebeurtenis kyk, hoe beter sal die persoon se geheue wees wat dit betref. Dit dui daarop dat die persoon wat meer tyd tot sy/haar beskikking het, meer aandag aan die gebeurtenis kan skenk en die inligting dieper kan verwerk.


Navorsing het aangedui dat die respondent self ook 'n invloed het op die akkuraatheid van herroeping (Birkett, 1996:19). Daar is voorts bevind dat verskillende individue verskillende vlakke van stres ervaar en dat dit hulle vermoë om te herroep op verskillende wyses beïnvloed (Lepore, 1991). Individue wat onlangs negatiewe lewensveranderinge ondergaan het, het 'n afname in akkurate herroeping

ondervind. Stres veroorsaak dat die individu nie voldoende aandag gee aan sy omgewing nie en dus nie effektief kan herroep nie.

2.5.9.8 Herroeping : sintese

Voorafgaande bespreking toon dat herroeping binne die raamwerk van verbandhoudende proses gesien moet word. Om die medebepalende faktore wat herroeping beïnvloed uiteen te stel, word die grafiese voorstelling van Angus (1993) as voorbeeld geneem (kyk figuur 2.5).

FIGUUR 2.5
HERROEPING: SINTESE



Angus,1993:86

Na aanleiding van Figuur 2.5 kan daar aanvaar word dat inligting beweeg van die geheue na die kognitiewe struktuur. Die geheue is die "bergingsplek" van die kognitiewe struktuur. Daar word dit geassimileer, geakkomodeer en geanker. Hierdie inligting word dan uit die kognitiewe struktuur ontrek. Herroeping word psigologies beïnvloed deur sosiale faktore asook die tipe vrae (kyk afdeling 2.5.9.5), belangstelling van die respondente (kyk afdeling 2.5.9.6) en ander faktore (kyk afdeling 2.5.9.7). Fisies word herroeping ondermeer beïnvloed deur die tyd van die dag (kyk afdeling 2.5.9.3), omgewingsfaktore (kyk afdeling 2.5.9.7), die stimuli en die ouderdom (kyk afdeling 2.5.9.4) van die respondente ensovoorts. Hierdie proses is veral belangrik in terme van hierdie studie. Indien inligting nie verwerk word en na die geheue gaan om "geberg" te word nie, bereik dit nooit die kognitiewe struktuur nie en sal die respondente dit nie kan herroep nie.

Tweedens word herroeping ook beïnvloed deur psigologiese en fisiese faktore, soos bo uiteengesit. Indien een van hierdie faktore die respondente negatief beïnvloed, sal hy/sy die inligting nie effektief kan herroep nie.

Voortvloeiend uit bogenoemde bespreking, word boodskapherroeping nou in verband gebring met produksietegnieke, om sodoende die doelwitte van hierdie studie te behaal.

2.6 DIE INVLOED VAN PRODUKSIE-TEGNIKE OP HERROEPING

Produksietegnieke het dikwels 'n onverwagte effek (dit verwar byvoorbeeld die kyker) en regisseurs gebruik dit dikwels sonder om in ag te neem hoe dit die kyker onbewustelik beïnvloed. Soos reeds gestel kan komplekse visuele stimuli lei tot probleme tydens die opvoeding van kinders en die gebruik van produksietegnieke kan kommunikasie soms bevorder en soms benadeel. Dit is belangrik dat enige persoon wat 'n video vervaardig met die doel om iemand in te lig, te oorreed of te onderrig, die invloed hiervan in ag neem.

Volgens Morris (1984:358) gaan verskeie draaiboekskrywers van die veronderstelling uit dat aandag verhoog kan word deur die toepassing van bepaalde produksietegnieke. Morris (1984:366) het bevind dat die totale effek van 'n kombinasie van produksietegnieke groter is as die effek van enkele produksietegnieke wat individueel gebruik word. Hierdie bevinding word ondersteun deur Reese (1984:86).

Die bevindinge hierbo is teenstrydig met die navorsingshipotese van hierdie studie, naamlik dat die gebruik van veelvuldige produksietegnieke die herroeping van boodskappe benadeel eerder as bevoordeel. Dit moet egter in ag geneem word dat Morris sy navorsing onderneem het om die gesindheid en prestasievermoë van studente te bepaal, terwyl hierdie studie daarop gemik is om die invloed van produksietegnieke op boodskapherroeping te bepaal.

Anon (1989:4) wys daarop dat produksietegnieke aandag kan aftrek indien dit te kompleks is. Hy stel voor dat visuele beelde maklik verstaanbaar moet wees. Woorde moet maklik leesbaar wees en kleure en klank moet versigtig gebruik word om nie die kyker se aandag af te trek nie. Aandag vorm 'n belangrike komponent van oorroeding sowel as boodskapherroeping (kyk afdeling 2.4.2; Figuur 2.3 en afdeling 2.6).

Metallinos (1989:102) sluit hierby aan deurdat hy in sy studie bevind het dat indien te veel produksietegnieke gelyktydig aangewend word, dit lei tot ongemak omdat die kyker nie weet waarop om te fokus en watter aktiwiteite van belang is nie.

Soos reeds gestel, word herroeping beskou as die aktualisering van die geheue. Die geheue is die "bergplek" van die kognitiewe struktuur. Inligting wat gedurende die leerproses opgeneem word, word daarin gestoor. Inligting word in die kognitiewe proses geassimileer, geakkommodeer en geanker (kyk afdeling 2.5.4). As hierdie stappe eers plaasgevind het, word die materiaal deel van langtermyngeheue en is dan beskikbaar om herroep te word.

Daar word aanvaar dat indien die kognitiewe proses nie plaasvind nie, die materiaal nie effektief gestoor word nie en dit nie effektief op 'n langtermynbasis herroep word kan nie (Angus, 1993:87). Die gebruik van veelvuldige produksietegnieke kan daartoe lei dat die individu se aandag afgetrek word van die belangrike inligting en dit kan dan nie in die brein opgeneem word nie en nie herroep word nie, omdat die kognitiewe proses nie kan plaasvind nie.

Dit kan daartoe lei dat die ontvanger die inligting vergeet (kyk afdeling 2.5.8). Sensoriese oorlading het 'n unieke uitwerking op kinders en baie navorsers meen dat die invloed van sensoriese oorlading sterker is op kinders as volwassenes aangesien hul vermoë om relevante inligting van irrelevante inligting te onderskei, nog nie goed ontwikkel is nie.

Welch en Watt (1982:134) stel dit dat die eienskappe van televisie dikwels beskryf word in terme van visuele produksietegnieke. Hierdie produksietegnieke kan onderskei word in terme van *formaat* en *inhoud*. Beide hierdie komponente vorm deel van die konseptualisering van dieselfde stimuli.


Formaat dui op inligting wat die basiese sensoriese kanale aanspreek, terwyl *inhoud* dui op die hoër semantiese vlakke. Dus vorm die sensoriese data die formaat, terwyl die betekenis wat daaraan geheg word, die inhoud is. Sowel formaat as inhoud kan daartoe bydra dat die kyker se aandag op die skerm gevestig bly. Daar is reeds gewys op die noodsaaklikheid van aandag vir oorreding, sowel as boodskapherroeping (kyk afdeling 2.4.2; Figuur 2.3 en afdeling 2.5).

Welch en Watt meen dat daar 'n positiewe verband tussen beweging op die skerm en aandag is, terwyl daar 'n negatiewe verband tussen komplekse ruimtelike voorstellings op die skerm en aandag is (kyk Figuur 2.3). Hulle gaan van die standpunt uit dat daar 'n positiewe verhouding tussen aandag en die leerproses is aangesien dit (aandag) dien as voorvereiste vir die leerproses (kyk afdeling 2.5.5).

Hierdie navorsers steun ook sterk op Piaget se konsep van konsentrasie wat veronderstel dat dit vir kinders onmoontlik is om te fokus op 'n oormaat perseptuele informasie (kyk afdeling 2.4.2 en Figuur 2.3). Dit is dus vir die kinders moeilik om te fokus op die totale televisieboodskap. As gevolg hiervan kan hulle slegs fokus op 'n klein deel van die boodskap, wat nie noodwendig relevant is nie. Hulle bevindinge word verduidelik aan die hand van Figuur 2.6.

FIGUUR 2.6

Visuele kompleksiteit en herroeping



Welch & Watt, 1982:144

Dinamiese visuele kompleksiteit verwys na aktiwiteite en beweging van objekte op die skerm. Dit dui op die voorstelling van objekte met die verloop van tyd en verandering in ruimte. *Statische visuele kompleksiteit* dui op formele kenmerke van televisiestimuli (produksietegnieke ingesluit) wat die diversiteit van die visuele veld en die manier waarop dit georganiseer word, insluit. Dit behels getalle en kontoere van objekte, soos oordadige en irrelevante inligting in die visuele veld. *Visuele aandag* dui op die tyd wat die ontvanger aktief gedurende 'n programsegment na die skerm kyk. *Verbale herroeping* is die aantal kere wat die korrekte response deur die kyker gegee word op 'n geslote vraag oor die programinhoud. *Herkenning* (kyk afdeling 2.5.2) dui op die nie-verbale gedrag gedurende ondervraging, soos om met die vinger te wys na die korrekte antwoord.

Welch & Watt (1982:144) het bevind dat daar 'n negatiewe verhouding (-) tussen *statiese kompleksiteit* en aandag is. Indien daar groot hoeveelhede objekte en 'n verskeidenheid onvoorspelbare patrone op die skerm is, is dit moeilik vir kinders om hul aandag op die skerm te vestig. Die komplekse aard van die inligting maak dit byna onmoontlik vir kinders om die inligting te prosesseer (kyk Figuur 2.3).

In teenstelling met statiese visuele kompleksiteit, is daar 'n positiewe verhouding (+) tussen *dinamiese kompleksiteit* en aandag asook tussen aandag, herroeping en herkenning. Statische kompleksiteit maak dit onmoontlik om te leer en sal dus die kommunikasie- en aandagproses negatief beïnvloed. Dit kan dus aanvaar word dat die gebruik van veelvuldige produksietegnieke kommunikasie sal benadeel.

Die gebruik van oormatige visuele en ouditiwe stimuli sal naamlik daartoe lei dat die ontvanger se aandag afgetrek word, hy nie die inligting sal opneem nie, dit nie prosesseer nie, dit nie sal kan herroep nie en dus ook nie oorreed sal word nie.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking kan daar aanvaar word dat die gebruik van oormatige visuele en ouditiwe stimuli (produksietegnieke) die leerders se aandag sal aftrek en sodoende sal dit boodskapherroeping benadeel.

2.7 SLOT

Hoofstuk 2 het gehandel oor die verband tussen boodskapherroeping, oorreding en videotegnieke. Eerstens is die oudiovisuele media gesitueer binne die konteks van die leersituasie ten einde die belangrikheid van hierdie studie in perspektief te plaas. Daar is aangedui dat video 'n belangrike rol in die nuwe "uitkomsgebaseerde" onderwysstelsel kan speel indien dit korrek aangewend word.

Tweedens is produksietegnieke bespreek aan die hand van benutting van produksietegnieke en psigologiese effekte van produksietegnieke. Verskeie navorsers

meen dat videotegnieke wel 'n psigologiese invloed het op kykers, maar daar is nie eenstemmige aannames oor die spesifieke effek daarvan nie.

Ten derde is die begrip *oorreding* bespreek in terme van die uitbreidingsmoontlikheidmodel, die parallelle prosesmodel vir die gebruik van vreesappèlle en die rol van die ontvanger in oorreding. Daar is bevind dat die navorser spesiale aandag sal moet skenk aan die boodskap sowel as die wyse waarop die oorgedra word, om te verseker dat dit nie as eksterne steuringsveranderlikes sal inmeng met die navorsing nie.

Daarna is boodskapherroeping bespreek op grond van die verband tussen boodskapherroeping en geheue, herkenning, die kognitiewe proses, die leerproses, langtermyngeheue, korttermyngeheue en vergeet. Daar is verwys na relevante faktore wat boodskapherroeping beïnvloed. Al hierdie faktore sal deur die navorser in die video's en die boodskap geïnkorporeer word om sodoende enige negatiewe effek wat dit tot gevolg kan hê, uit te skakel.

Ten slotte is die verband tussen boodskapherroeping en produksietegnieke bespreek. Daar is bevind dat daar wel 'n verband is tussen videotegnieke en aandag, asook tussen aandag, herroeping en herkenning. Sonder aandag, herroeping en herkenning is dit onmoontlik om te leer en daarsonder sal die kommunikasieproses negatief beïnvloed word. Die gebruik van veelvuldige produksietegnieke sal kommunikasie benadeel aangesien die gebruik van oormatige visuele en ouditiewe stimuli daartoe sal lei dat die ontvanger se aandag afgetrek word, hy nie die inligting sal opneem nie, dit nie prosesseer nie, dit nie sal kan herroep nie en hy nie oorreed sal word nie.

In die volgende hoofstuk word die prosedure verduidelik wat gevolg is om die invloed van veelvuldige produksietegnieke op boodskapherroeping by leerders te toets.

HOOFSTUK 3

Empiriese ondersoek

3.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die verband tussen boodskapherroeping, oorreding en videotegniese ondersoek. Eerstens is die oudiovisuele media gesitueer binne die konteks van die leersituasie ten einde die belangrikheid van hierdie studie in perspektief te plaas. Tweedens is produksietegniese bespreek aan die hand van verskeie relevante opskrifte. Ten derde is die begrippe *oorreding* en *boodskapherroeping* bespreek en ten slotte is die verband tussen boodskapherroeping en produksietegniese bespreek.

Daar is bevind dat die gebruik van veelvuldige produksietegniese kommunikasie moontlik kan benadeel. Die gebruik van oormatige visuele en auditiewe stimuli kan daartoe lei dat die ontvanger se aandag afgetrek word, dat hy nie inligting kan opneem nie en nie kan prosesseer nie. In so 'n geval kan die individu inligting nie herroep nie en nie oorreed word nie. Vervolgens sal die empiriese ondersoek en metode bespreek word aan die hand van die voorafgaande teoretiese bespreking.

Hierdie hoofstuk bespreek die ontwerp en opnameprosedure wat gevolg is gedurende die studie. Daar word spesifiek verwys na samestelling van groepe, eksperimentele video-opname en oorwegings wat van toepassing was op die vervaardiging daarvan.

'n Bespreking van die materiaal, vraelys, loodsstudie en opnameprosedure word in hierdie hoofstuk ingesluit. Na afloop van bogenoemde bespreking sal die eksperiment uiteengesit word in terme van die populasie en opnameprosedure.

Ten slotte sal die probleme wat ondervind is tydens die studie, uitgelig word. Vervolgens word die opnameprosedure en data-insamelingsmetode wat gebruik is gedurende hierdie studie, uiteengesit.

3.2 DATA-INSAMELING EN OPNAMEPROSEDURE

Data-insameling en -meting behels die invordering van inligting wat dien as empiriese konstrunkte, die opname van hierdie inligting, asook die omskakeling van data tot syfers wat statisties geanaliseer kan word (Smith, 1988:55).

Daar is verskeie metodes wat hiervoor gebruik kan word, afhangende van die bron van data. Smith (1988:55) identifiseer hoofsaaklik drie bronne, naamlik *selfrapportering*, *gedragsbronne* en *psigologiese bronne*. Selfrapportering behels dat die navorser inligting insamel deur respondente te ondervra oor hul kommunikasie-aktiwiteite. Respondente beantwoord hierdie vrae mondelings of skriftelik. Hierdie proses sluit in vraelyste, persoonlike onderhoude en telefoononderhoude. In hierdie studie word selfrapportering gebruik aangesien respondente vraelyste voltooi na afloop van blootstelling aan die stimulus. Vir die doeleindes van die studie word laasgenoemde metode gebruik omdat dit bydra tot meting van boodskapherroeping en omdat boodskapherroeping moeilik op 'n ander wyse gemeet kan word.

Om die effek van hierdie produksietegnieke op boodskapherroeping vas te stel en sodoende die hipotese te toets en die navorsingsvraag te beantwoord, is 'n ontwerp toegepas wat eienskappe van beide eksperimentele en kwasi-eksperimentele navorsingsmetodes toon.

3.3 NAVORSINGSONTWERP: KWASI-EKSPERIMENTEEL

Tydens 'n *kwasi-eksperiment* word die effek van 'n onafhanklike veranderlike bestudeer en vergelykings word getref tussen groepe wat blootgestel word aan verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlike (Stacks & Hocking, 1992:229). Kwasi-eksperimentele navorsing toon ook eienskappe van ware eksperimentele navorsing, hoewel praktiese omstandighede verhoed dat hierdie studie onder streng eksperimentele omstandighede uitgevoer kan word. Kwasi-eksperimente poog om die verhouding tussen veranderlikes te ondersoek net soos in 'n ware eksperiment, en om so na as moontlik te kom aan die streng vergelykings wat deur 'n ware eksperiment toegelaat word.

Stacks & Hocking (1992:237) identifiseer vier soorte ontwerpe as kwasi-eksperimenteel. Hierdie ontwerpe sluit in *nie-ekwivalente-groepsvergelyking*, *eenmalige-gevallestudie*, *een-*

groep-voortoets-natoetsontwerp en die *nie-ekwivalente-groep-voortoets-natoets-ontwerp*. Die nie-ekwivalente-groepsvergelyking toon die grootste ooreenkoms met hierdie studie se navorsingsontwerp. In hierdie ontwerp word 'n groep deelnemers wat aan 'n stimulus blootgestel is, vergelyk met 'n groep wat nie aan dieselfde stimulus blootgestel is nie (Stacks & Hocking, 1992:234). Al vier die groepe in hierdie eksperiment is op 'n ewekansige wyse saamgestel, maar nie al vier groepe het na dieselfde video gekyk nie. Daar moes vir elke vlak van die onafhanklike veranderlike 'n groep saamgestel word wat aan die spesifieke manipuleringsonderwerp kon word. Die groepe is met mekaar vergelyk nadat elkeen aan 'n ander vorm van dieselfde stimulus (video's met verskillende produksietegnieke) blootgestel is. Ewekansige groeptoewysing het plaasgevind, soos Stacks & Hocking (1992) en Van Graan (1996) aanbeveel. Vervolgens sal die populasie van hierdie ondersoek bespreek word.

3.4 POPULASIE EN EWEKANSIGE GROEPTOEWYSING

Die begrip *populasie* word omskryf as 'n omvattende, goed gedefinieerde, realiseerbare groep elemente wat beskikbaar is vir die navorser (Smith, 1988:77). Hierdie respondente is van belang vir die gegewe navorsingsvraag. Praktiese-, finansiële- en taalvereistes is in ag geneem tydens hierdie ondersoek. Voortvloeiend hieruit is daar besluit op alle Graad 10- en 11-leerders van Tlokwe Sekondêre Hoërskool in Potchefstroom, gedurende Februarie 2000, as opnamepopulasie. Hierdie leerders was *meestal* Tswanasprekend omdat Tlokwe Sekondêre Hoërskool in 'n Tswanasprekende streek geleë is. Hierdie populasie is ook geselekteer op grond van geografiese ligging en was maklik toeganklik vir navorsingsdoeleindes.

Tydens hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van stratifisering en ewekansige groeptoewysing. Die populasie is deur middel van stratifisering in homogene subgroepe verdeel en daarna ewekansig tot groepe toegewys.

Al die veranderlikes vir stratifisering in hierdie ondersoek kon uit die klaslyste en akademiese rekords vasgestel word. Dit is belangrik omdat die keuse van stratifiseringsveranderlikes afhanklik is van watter veranderlikes beskikbaar is (Babbie, 1989:215).

Vir hierdie ondersoek is stratifisering gedoen in terme van jaargroep en geslag en akademiese prestasie. Hierdie veranderlikes kon as steuringsveranderlikes moontlik 'n

invloed op die resultate van die ondersoek uitoefen. Die leerders is vooraf gestratifiseer volgens akademiese prestasie, graad, geslag en taal. Graad 10- en 11- manlike en vroulike en hoofsaaklik Tswanasprekende respondente is verteenwoordigend van elke groep wat toegewys is deur middel van stratifisering. Elk van die vier groepe het dus bestaan uit eweveel graad 10 en 11, Tswanasprekende, manlike en vroulike respondente, terwyl die akademiese prestasieprofiel oor al die groepe dieselfde was.

Bogenoemde metode is op hierdie betrokke studie toegepas deur eerstens te stratifiseer in terme van jaargroep, geslag en akademiese prestasie. Die Graad 10- en 11-leerlinge was reeds geskei volgens jaargroep en is daarna verdeel in manlike en vroulike respondente wat op verskillende lyste geplaas is. Na aanleiding hiervan is 40 respondente ewekansig toegewys tot vier afsonderlike groepe. Nadat die populasie vir die ondersoek geselekteer is, het die navorser gefokus op geldigheid en betroubaarheid van die studie. Vervolgens word geldigheid en betroubaarheid bespreek.

3.5 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Geldigheid en betroubaarheid het betrekking op die mate waartoe die data wat ingesamel is, die aard en die struktuur weergee van die fenomeen wat bestudeer word. Die meetinstrument wat die navorser gebruik, moet geldige en betroubare inligting weergee oor die veranderlike wat hy/sy poog om te bestudeer (Smith, 1988:46).

Betroubaarheid verwys na die konstantheid of stabiliteit van die meetinstrument. Dit is belangrik dat 'n studie se resultate konstant bly. Hierdie navorsing is slegs betroubaar indien dieselfde resultate verkry sou word wanneer die studie weer op dieselfde skool of 'n ander skool waarvan die eienskappe en steuringsveranderlikes dieselfde is, toegepas sou word.

Die navorser moet voorsiening maak vir die steekproeffout-effek. Hierdie effek veroorsaak dikwels onbetroubare resultate. Dit word veroorsaak deur moegheid of agtelosigheid van die navorser tydens data-insameling en -verwerking, of deur respondente wat wel oor die korrekte antwoorde beskik maar die verkeerdse selekteer omdat hulle moeg is. Dus kan betroubaarheid beskou word as die relatiewe afwesigheid van die steekproeffout in die data wat deur die meetinstrument opgelewer word.

In terme van hierdie studie moes die navorser daarna streef om faktore soos moegheid en agtelosigheid te minimaliseer en indien moontlik heeltemal uit te skakel. Moegheid van die respondente kon nie beheer word deur die navorser nie. Dataverwerking kan herhaal word om te verseker dat resultate korrek verwerk word. Om die akkuraatheid van die meetinstrument te toets, is 'n loodsstudie noodsaaklik (kyk afdeling 3.9).

Geldigheid word op twee wyses gemeet, naamlik *intern* en *ekstern*. Interne geldigheid behels die basiese minimum waarsonder 'n eksperiment nie geïnterpreteer kan word nie. In hierdie studie word interne geldigheid bepaal deur vas te stel of die aanwending van die eksperimentele stimulus werklik 'n verskil gemaak het op die eksperimentele situasie en of die gebruik van veelvuldige produksietegnieke wel boodskapherroeping beïnvloed. *Eksterne geldigheid* is daarenteen gemik op veralgemening en is gemoeid daarmee of die populasie, omgewing, veranderlikes en meetinstrumente van hierdie ondersoek veralgemeen kan word.

Albei hierdie kriteria is belangrik, aangesien dit mekaar wedersyds beïnvloed en ook die sukses van die eksperiment beïnvloed. Hoewel dit moeilik is om albei hierdie aspekte in enige eksperiment te beheer, is dit noodsaaklik om daarna te streef.

Daar is verskeie faktore wat *eksterne geldigheid* beïnvloed. Hierdie faktore sluit in omgewingsveranderlikes soos byvoorbeeld omgewingsruis en kommunikasieruis, asook veranderlikes en probleme met meetinstrumente. Die navorser moet sover moontlik eksterne faktore beheer en uitskakel om sodoende geldige navorsing te doen. In terme van hierdie studie was dit veral noodsaaklik om omgewingsveranderlikes uit te skakel. Die belangrikheid daarvan volg uit die bespreking oor sensoriese oorlading in die voorafgaande hoofstuk (kyk afdeling 2.6). Indien omgewingsruis of kommunikasieruis die oordrag van die boodskap en inligtingprosessering beïnvloed, sal dit 'n besliste invloed op boodskapherroeping hê, wat die navorsing ongeldig sal maak.

Die navorser het hierdie probleem hanteer deur die leerders in 'n lokaal te plaas waar daar minimale eksterne steurings was. Die meting het plaasgevind in skoolure tydens 'n klasperiode sodat die omgewingsruis geminimaliseer kon word. Indien die navorsing gedurende pouse of na skoolure plaasgevind het, sou die omgewingsruis baie hoër gewees het, en kon dit die resultate beïnvloed het.


Eksterne geldigheid van die meetinstrument is gemotiveer deur 'n loodsstudie. Hierdie meetinstrument sal net geldig wees vir opnamepopulasies wat spesifiek ooreenstem met die populasie van hierdie studie op grond van al bogenoemde steuringsveranderlikes. In hierdie loodsstudie is die meetinstrument getoets om onduidelikhede en probleme uit te skakel (kyk afdeling 3.9). Alvorens die meetinstrument bespreek word, word die materiaal wat gebruik is tydens die studie nou bespreek.

3.6 MATERIAAL

3.6.1 Video 1

Video 1 duur 3 minute en 42 sekondes. In Video 1 is daar slegs van een skootgrootte gebruik gemaak. Die aanbieder is in die middel van die skerm geplaas (kyk Figuur 3.1). Sy het die videoteks in Tswana gelees en geen ander videotegnieke is gebruik nie.

Figuur 3.1
Die aanbieder



3.6.1.1 Die aanbieder

Die aanbieder was Mevrou Maria Letsie, 'n Tswanasprekende dosent verbonde aan die departement Afrikatale van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Die aanbieder is ongeveer 35 jaar oud. Sy kom voor as 'n gesagsfiguur vir die leerders, wat haar geloofwaardigheid kan bevorder. Die aanbieder is in informele drag geklee (kyk Figuur 3.1). Sy is gekies op grond van haar kennis van die taal Tswana asook neutraliteit en

konstantheid in aanbieding. Sy is afgeneem met een kamera, op 'n konstante skootgrootte met 'n blou chroma-agtergrond. Daar is spesifiek besluit op 'n chroma agtergrond, om te verhoed dat 'n bont en 'besige' agtergrond nie die respondente se aandag aftrek nie.

3.6.1.2 Videoteks, boodskapoordrag en video-opname

Die videoteks is aangeheg as bylaag B. In die teks word die gevare verbonde aan die rookgewoonte kortliks verduidelik. Hierdie inligting is bekom deur onderhoude met operateurs van die Anti-Tabak Organisasie se tolvrye nommer, asook deur pamflette wat deur hierdie organisasie versprei word. Die video kan dus beskou word as 'n oorredingsvideo. Die teks van die boodskap is konstant gehou vir al vier die video's.

Die aanbieder is in 'n ateljee afgeneem met slegs een kamera. Hierdie segment word gebruik in al vier die video's, om te verseker dat die boodskapoordrag konstant bly. Die ander videotegnieke (kyk Figuur 3.2; 3.3) is op 'n latere geleentheid deur die navorser self bygevoeg om getrou aan die draaiboek te bly (kyk Bylaag C).

3.6.2 Video 2

Video 2 is amper dieselfde as Video 1. Al verskil is dat daar gebruik gemaak is van titels onder aan die skerm. Hierdie titels verskyn in sinchronisasie met bepaalde kernwoorde wat deur die aanbieder ge lees is.

Figuur 3.2

Voorbeelde van die titels wat gebruik is in Video 2



3.6.3 Video 3


Video 3 stem ooreen met Video 2, maar in hierdie geval word musiek ook deurlopend gespeel. Kontemporêre musiek waarmee die respondente vertrou is, is gekies vir hierdie video. Die liedjie "Yizo Yizo", wat 3 minute 57 sekondes duur, is vir die video gebruik. Hierdie liedjie is gekies omrede dit 'n baie populêre liedjie onder swart leerders is en hulle dus daarmee kon identifiseer.

3.6.4 Video 4

Video vier bevat al vier verskillende produksietegnieke. Die aanbieder, titels en musiek word ondersteun deur toepaslike wegsnyskote wat dit wat die aanbieder sê, beklemtoon (Figuur 3.3). Daar is dus 'n regstreekse verband tussen dit wat respondente sien en hoor.

Figuur 3.3

Voorbeelde van Wegsnyskote wat gebruik word in Video 4



Vervolgens word die meetinstrument uiteengesit.

3.7 DIE MEETINSTRUMENT

Om geldigheid en betroubaarheid van die vraelys (kyk bylaag A) te motiveer, is dit nodig om die vrae wat in die vraelys gestel word, uit te lig en te motiveer. Dit is belangrik om daarop te let dat die vraelys wat aan respondente voorgelê is, in *Tswana* vertaal is om onnodige struikelblokke wat deur taal veroorsaak kan word, uit te skakel. Aan elke korrekte antwoord is een punt toegeken. Sommige van die vrae het meer as een moontlike antwoord gehad, hoewel punte net toegeken is tot by die punt wat gespesifiseer is aan die regterkant. Geen punte is toegeken aan verkeerde antwoorde nie. Vir die doeleindes van hierdie bespreking sal die Afrikaanse vertaling by die vraelys in hakies gevoeg word. Die Afrikaanse vertaling het nie deel uitgemaak van die loodsstudie se vraelys nie.

• **SECTION / KARALO B:**

(Tshedimoseto ya kakaretso)

Question 7:

- 7.1 Ke mokgatlo o fe, o tla dirang go tsuba e nne mathata a ntlha a kan ngwaga 2000? (Volgens watter organisasie gaan rook die nommer een probleem wees teen die jaar 2000 ?)

Mokgatlo wa Lefatshe wa Boitekanelo	(1)
-------------------------------------	-----

- 7.2 Ponelo e itsise gore maso a a bakiwe ke go tsuba, gaufi a tla tshwana le leroborobo kwa Middle Ages? (Die video waarsku dat rookverwante sterftes dieselfde proporsie sal aanneem as sterftes tydens watter plaag in die Middel Eeue?)

	(1)
--	-----

- 7.3 Ponelo ya re go tsuba go bolaya batho ba bantsi go gaiso diritibatsi tse di itsweng thata di tlhakantshitswe. Kwala diritibatsitse, tse pedi. (Die video waarsku dat rook meer mense dood as twee bekende dwelms. Noem hierdie dwelms.)

Khoekene	(2)
Heroin	

- 7.4 Go tsuba ke kotsi e e bolayang go gaisa bolwetse bo itsiweng ba thobalano? (Rook dood meer mense was watter bekende seksueel oordragbare siekte ?)

AIDS / bolwetse ba thobalano	(1)
------------------------------	-----

- 7.5 Kwa ntle diritibatsi le bolwetse ba tshellano ka thobalano, a o ka gopala nngwe mabaka a maatla a lesa, a a tlang matshelo kwa tlase go gaisa go tsuba? (Behalwe vir die dwelms en die seksueel oordragbare siekte, noem enige ander oorsake van sterftes wat MINDER lewens eis as rook.)

Polao	Boipolao	(3)
Dikotsi tsa mmotokara	Melelo	

- 7.6 Pohelo e thagisa dikhemikale tse di kotsi kgotsa di bolaya, tse di fitlhelwang mo disikareteng? Leka go kwala tse dintsi jaaka go kgonega. (Noem die verskillende dodelike chemikalieë wat in sigarette gevind word.)

(Moontlike antwoorde)

DDT	amonia	(4)
asiti ya asetiki	aseniki	
Nikotine	Aseneng	

- 7.7 Ke bontsi bo bokae fo diketeng tsa dikhemikale tse di tla fitlhelwang fo sikareteng se se le se seng? (Hoeveel chemikalieë is daar in 'n sigaret?)

3000 / kete tse tharo	(1)
-----------------------	-----

7.8 **Kwa ntle go mefuta e e farologaneng, ya kankere, leka go gopola malwetsi a mantsi, mathata a boitekanelo kgotsa malwetse a a bakiwang thata ke go tsuba.** (Noem die soorte kanker wat veroorsaak word deur rook.)

Lekgwafu	Molomo	(3)
Mala	Phio	
Mometso		

7.9 **Ponelo e tihagisa mefuta mengwe ya kankere e tihakantshitswe le go tsuba. Leka go gofa fo le gontsi jaaka go kgonega.** (Noem soveel siektes en gesondheids probleme, behalwe vir die soort kankers, wat deur rook veroorsaak word.)

bolwetse ba tshika	kgotelo ya dipeidi tsa makgwafu e tswelatang	(2)
Ditlhaselo tsa pelo	boopa	
setorouko	Emfaesema	

7.10 **Fa o sa tsube, feela mongwe wa losika la gago e le setsubi se segolo, menyetla e kwa godimo ya go bona malwetsi a tihobeatsang. Kwala a mabedi a ponelo e a tihagisitsweng.** (As jy nie self rook nie, maar een van jou gesinslede rook, dan is die kanse hoër dat jy dalk siek kan word. Noem die siektes waarvan die vrou in die video gepraat het.)

kankere ya lekgwafu	bolwetse ba pelo	(2)
---------------------	------------------	-----

7.11 **Ponelo e feletsa ka tihagiso kgotsa kitsiso e latelang:** (Die video sluit af met die volgende waarskuwing:)

Go tsuba go tla go ____*bolaya*_____!!!!!! (1)

TOTAAL: 20

Die vrae word in **Tswana** weergegee, soos wat dit verskyn op die loodsstudievraelys wat deur die respondente voltooi word (kyk Bylaag A). Hierdie vrae word op hierdie wyse aan respondente gestel om boodskapherroeping te toets. Dit vereis dat die respondent inligting uit die geheue oproep en die vraelys voltooi. Indien die vrae anders gestel word soos byvoorbeeld deur middel van veelvuldige keusevrae, sal dit nie boodskapherroeping toets nie, maar wel herkenning (kyk afdeling 2.5.3).

Voordat die meetinstrument getoets kan word, word daar deur die navorser besluit op watter wyse data vasgelê en verwerk gaan word. In aansluiting hierby word datavaslegging en –verwerking hieronder bespreek.

3.8 DATAVASLEGGING EN -VERWERKING

Datavaslegging en -verwerking vir hierdie ondersoek is met behulp van die Microsoft Excel vir Windows '98 gedoen. Die samewerking van die Statistiese Konsultasiediens (kyk bylaag D) van die PU vir CHO is vir die verwerking van die data verkry. Normaalweg moet 'n navorser vooraf besluit op 'n statistiese vlak van beduidendheid wanneer statistiese verwerking van navorsingsresultate gedoen word. Die besluit om 'n bepaalde hipotese te aanvaar of te verwerp, berus tot 'n groot mate op die beduidendheidsvlak.

'n Statistiese beduidendheidsvlak verwys na die kans dat verbande of verskille tussen groepe aan steekproeffoute toegeskryf kan word. Statistiese beduidendheid word gewoonlik deur 'n p-waarde aangedui en word gewoonlik op ten minste 0,05 (5%) gestel. Wanneer die p-waarde 0,05 is, beteken dit dat daar 'n 5% kans is dat die resultate aan 'n steekproeffout te wyte kan wees (Babbie, 1989:466; Smith, 1988:114; Van Graan, 1996:90).

Voortvloeiend uit bogenoemde, moet die navorser besluit op 'n metingsvlak waarvolgens die resultate gemeet gaan word. Huysamen (1993:115) identifiseer vier metingsvlakke naamlik nominaal, ordinaal, interval en ratio. Die navorsing van hierdie studie val binne die ratio metingsvlak. Die metingsvlak beskik oor 'n vaste en absolute nulpunt en die getalle wat op hierdie metingsvlak toegeken word, kan sinvol met mekaar vergelyk word.

Na aanleiding hiervan is daar besluit om ANOVA metode (kyk afdeling 3.8.1) te gebruik, juis omdat hierdie metode gebruik maak van die ratio metingsvlak en omdat dit binne en tussengroepvariansie kan bepaal.

Die ANOVA metode is gebruik om te bepaal hoeveel die groepe van mekaar verskil in terme van elke groep se p-waarde en variansie tussen en binne groepe. Die p-waarde vir hierdie studie was 0,05. Indien die resultate van die eksperimente 'n p-waarde hoër as 0,05 het, kan die resultate as statisties onbeduidend beskou word en kan die hipotese nie aanvaar word nie. Vervolgens word die ANOVA metode kortliks uiteengesit.

3.8.1 Die ANOVA metode

Ten einde die statistiese beduidendheid van die verskille tussen toetsgroepe se resultate te bepaal, is 'n **eenrigting-variensieanalyse (ANOVA)** gebruik om gemiddeldes met mekaar te vergelyk.

Die ANOVA is 'n baie kragtige statistiese instrument wat gebruik maak van die F-toets. Die F-toets word gebruik om te bepaal of die variansie tussen groepe se gemiddeldes beduidend groter is as die variansie binne groepe (Steyn, 2000). Hierdie toets word meestal gebruik in studies waar die effek van enkel onafhanklike veranderlikes bepaal word. Dit is dus ideaal vir die navorsing waar die effek van veelvuldige videotegnieke op boodskapherroeping ondersoek word.

Vir die ANOVA-metode moet die data van twee of meer groepe met mekaar vergelyk word. Die groep kan natuurlik wees of, in die geval van hierdie studie, eksperimenteel saamgestel word. Die groepe moet met mekaar verband hou en onderling uitsluitend wees en resultate van groepe moet normaal verspreid wees en gelyke variansies toon. Hierdie studie het voldoen aan al hierdie vereistes deurdat vier groepe bestudeer is. Hierdie vier groepe word eksperimenteel saamgestel deur middel van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef. Al vier die groepe hou verband met mekaar en is onderling uitsluitend deurdat geen respondent in meer as een groep is nie. Die afhanklike veranderlike, naamlik veelvuldige videotegnieke, word gemeet deur middel van die ratiovlak. Die resultate van al die groepe was normaal verspreid en het gelyke variansies getoon (kyk Tabel 4.25).

Indien die p-waarde in die ANOVA-metode klein (gewoonlik 0.05 of kleiner) is, beteken dit dat die nulhipotese nie korrek is nie en dat die onafhanklike veranderlike wel 'n invloed het op die afhanklike veranderlike. Die vergelyking tussen die variansie van die groepgemiddeldes en die binne groepvariensie word weergegee deur die F-ratio.

Indien die nulhipotese korrek is, kan daar verwag word dat $F=1$. Daarenteen sal 'n groot F-waarde daarop dui dat die onafhanklike veranderlike wel 'n invloed het op die afhanklike veranderlike. Die vraag wat hieruit volg is hoe groot F moet wees voordat die nulhipotese verwerp word. As F groter as 'n kritieke waarde (F_{crit}) is, word die nulhipotese verwerp op die betrokke beduidendheidsvlak.

Die beduidendheidsvlak vir hierdie studie is reeds vasgestel op 0.05. Indien die p-waarde nie 0.05 of laer is nie, sal daar nie verwys word na die f-waarde en die f-crit waardes nie. Indien die p-waarde wel beduidend is, sal die navorser die bespreking uitbrei om ook die f-waardes in te sluit en daarvolgens die hipoteses van hierdie studie te toets.

Die vryheidsgraad van die teller van F is een minder as die aantal groepe. Die vryheidsgraad vir die noemer is op sy beurt die totale aantal elemente minus die totale aantal groepe. Hierdie vryheidsgrade en die beduidendheidsvlak bepaal gesamentlik die kritieke waarde van F (kyk Tabel 3.1).

Tabel 3.1
Nominasies van die ANOVA

Nominasies	
SS	Som van Kwadrate
df	Vryheidsgraad
MS	Gemiddeld van Vierkante
F	F-waarde
P-waarde	Beduidendheidsvlak
F crit	Kritiese F-waarde

Nadat die navorser 'n populasie geïdentifiseer het en bepaal het op watter wyse die data vasgelê en verwerk gaan word, is dit noodsaaklik om die meetinstrument en opnameprosedure te toets. Dit word gedoen deur middel van die loodsstudie.

3.9 DIE LOODSSTUDIE

3.9.1 Inleiding

Hierdie afdeling gee 'n oorsig oor die loodsstudie om rigting en vorm te gee aan die metode en ontwerp van die volgende eksperimente.

3.9.2 Doel

Die doel van die loodsstudie was drievoudig:

- om te bepaal of leerders van 'n sekondêre skool wel vir hierdie eksperiment gebruik kon word;
- om te bepaal of die gepaste navorsingsontwerp gebruik word;
- om probleme met betrekking tot die vraelys, asook probleme met die praktiese uitvoering van die opname, vas te stel sodat dubbelsinnighede en vae vrae op die vraelys reggestel kan word.

3.9.3 Metode

Veertig leerders van Tlokwe Sekondêre Hoërskool, wat nie in die werklike opnames getoets is nie, is gebruik as respondente vir die loodsstudie.

Deelname aan die loodsstudie deur lede van die opnamepopulasie sal geldigheid van die uiteindelijke response tydens die werklike opname in gedrang bring, aangesien respondente se bewustheid van die aard van die ondersoek as gevolg van deelname aan die loodsstudie kunsmatig verhoog sal word. Die gevolg hiervan is dat response uiteindelik verkry word wat nie normaalweg deur respondente getoon sou word nie, aangesien respondente tydens die werklike opname hul response versigtiger sal oorweeg. Hierdie verskynsel staan bekend as *toetsgevoeligmaking* en *voortoetssensitisering* (Huysamen, 1993:74). Dit behels 'n situasie waar die moontlikheid bestaan dat die aflegging van die voortoets respondente anders kan laat reageer op die eksperimentele ingreep as wat hulle sou gereageer het indien hulle nie aan die voortoets blootgestel was nie.

Die 40 leerders is opgedeel in 4 groepe van tien elk, op so 'n manier dat al 4 groepe ooreenstem ten opsigte van geslag, ouderdom en akademiese prestasie. Die respondente was meestal Tswanasprekend. Elke groep is beurtelings blootgestel aan een van die video's, byvoorbeeld Groep 1 aan Video1; Groep 2 aan Video 2 ensovoorts.

Die videomasjien en televisie is deur die navorser voorsien aangesien die skool nie oor die nodige toerusting beskik nie. Die onafhanklike veranderlikes wat ondersoek is, is die produksietegnieke en die afhanklike veranderlike is die herroeping van die materiaal waarna

die respondente gekyk het. Al die leerders het die video van sowat 3 minute bestudeer en moes daarna 'n vraelys voltooi. (kyk afdeling 3.7).

Elke leerder se antwoorde is geëvalueer en 'n punt is daaraan toegeken. Punte is slegs toegeken vir antwoorde wat korrek herroep is. Spelling en grammatika is nie in ag geneem nie.

3.9.4 Resultate van die Loodsstudie

Die resultate van die Loodsstudie word weergegee in Tabel 3.2 tot 3.4.

Tabel 3.2
Uiteensetting van Demografiese Resultate

Demografiese resultate				
	Video 1	Video 2	Video 3	Video 4
Manlik	5	5	5	5
Vroulik	5	5	5	5
Ouderdom				
15 jr	4			
16 jr		1	2	2
17 jr	2	5	3	6
18 jr	2	2	5	
19 jr	2	2		1
20 jr				1
Akademiese Jaar				
10	5	5	5	5
11	5	5	5	5
Taal				
Tswana	7	9	10	9
Engels				
Afrikaans				
Xhosa	2			1
Zulu				
Sotho	1	1		
Rook jy sigarette?				
Ja	1	0	1	0
Nee	9	10	9	10

Tabel 3.3
Gemiddelde prestasie per Vraag

Vraag	Video 1	Video 2	Video 3	Video 4	GEM
1	0%	30%	40%	20%	23%
2	0%	0%	0%	0%	0%
3	15%	30%	30%	15%	23%
4	70%	60%	60%	50%	60%
5	10%	10%	20%	20%	15%
6	13%	18%	20%	25%	19%
7	30%	50%	100%	60%	60%
8	0%	8%	5%	30%	11%
9	0%	5%	20%	10%	9%
10	5%	25%	50%	20%	25%
11	50%	80%	40%	90%	65%

Tabel 3.4
Vergelyking van gemiddelde per vraag na voor en na veranderinge aangebring is

Vraag	<i>Gemiddeld vir loodsstudie</i>	<i>Gemiddeld vir eksperiment</i>
1	23%	40%
2	0%	Nvt
3	23%	30%
4	60%	97%
5	15%	37%
6	19%	26%
7	60%	77%
8	11%	51%
9	9%	28%
10	25%	33%
11	65%	67%

Na aanleiding van Tabel 3.4 kan daar aanvaar word dat die nodige veranderinge (na afloop van die loodsstudie) op die vraelys aangebring is. Hierdie verandering is aangebring op grond van onderhoude met die onderwyseres, vertaler en loodsstudie-respondente, na afloop van die loodsstudie. Die gemiddeld van die eksperiment, per vraag, is hoër as die van die loodsstudie. Hieruit blyk dit dat die vrae wel makliker was, maar dat respondente steeds nie na wense presteer het nie. Hierdie verskynsel word verklaar in Hoofstuk 5.

3.9.5 Bespreking van loodsstudie resultate

Geen probleme is ondervind by vrae waar demografiese inligting deur die respondente verstrek moes word nie. Analise van data was moeilik, aangesien die navorser nie Tswana verstaan nie. Om hierdie probleem aan te spreek, is elke moontlike antwoord in Tswana vertaal deur die vertaler, en die navorser het al hierdie antwoorde gebruik tydens analise, om te verseker dat resultate korrek verwerk word.

Tabel 3.5
Analise van vrae na aanleiding van resultate

Gemiddeld onder 5%	Bespreking
Vraag 7.2	Die verskil in taal- en kultuurgebonde response tot eksperimentele materiaal en die sosiale interaksie tussen die navorser en die respondente, kan 'n invloed hê op die visuele veranderlikes wat bestudeer word. Tydens hierdie studie het dit inderdaad gebeur. Geen respondent kon vraag 7.2 beantwoord nie aangesien dit 'n kultuurgebonde vraag was en die respondente nie begrip het vir die konsep "Swart Plaag van die Middeleeue" nie. Daar is besluit om hierdie vraag te verwyder uit die vraelys.
6 % - 50 %	Bespreking
Vraag 7.1	Hoewel hierdie vrae ook lae gemiddelde het, was daar tog respondente wat hierdie vrae wel kon beantwoord. Op grond hiervan is daar besluit om die vrae te behou. Al die vrae is meer eenvoudig vertaal en die Engelse vertaling is bygevoeg in die finale vraelys. Hierdie vrae is vereenvoudig met behulp van die vertaler, en op grond van response van die onderwyseres en respondente wat teenwoordig was by die loodsstudie.
Vraag 7.3	
Vraag 7.5	
Vraag 7.6	
Vraag 7.8	
Vraag 7.9	
Vraag 7.10	Bespreking
51% en hoër	
Vraag 7.4	
Vraag 7.7	
Vraag 7.11	Geen probleme is ondervind met hierdie vrae nie. Hierdie vrae is behou, en geen veranderinge is aangebring nie, behalwe om die Engelse vertaling by te voeg.

Na afloop van die loodsstudie is die video, vraelys en boodskap met die respondente van die loodsstudie, asook die onderwyseres wat teenwoordig was tydens die lookdsstudie, bespreek. Die respondente het aangedui dat hulle die boodskap, vraelys en video verstaan

het, hoewel van die vroeë moeilik gestel en die vlak van Tswana wat gebruik is tydens die vertaling, te kompleks was. Die onderwyseres en respondente het bepaalde voorstelle gemaak ten opsigte van die vraelys. Hierdie voorstelle en 'n Engelse vertaling is geïnkorporeer in die vraelys.

Een van die redes vir die loodsstudie was om enige probleme met betrekking tot die vraelys, asook probleme met die praktiese uitvoering van die opname, vas te stel.

Een van die praktiese probleme wat geïdentifiseer is, was die tydsbeperking. Die eksperiment is aanvanklik ontwerp om ongeveer 15 minute te duur. Daar is egter bevind dat 15 minute nie voldoende tyd was nie en die tydskaal is vergroot na 30 minute. Om die klas te verdeel het 'n ekstra 10 minute geneem en om die videomasjien op te stel nog 'n verdere 10 minute. Dit het tydens die loodsstudie na vore gekom dat al die respondente nie Tswanasprekend is nie. Daar was 3 Xhosasprekende respondente en 2 Sothosprekende respondente wat aan die loodsstudie deelgeneem het. Hierdie respondente was onderskeidelik in Groep 1(3), Groep 2(1) en Groep 4(1). Taal kan beskou word as 'n steuringsveranderlike en kan 'n invloed op resultate hê. Die navorser moet in die vervolg daarop let dat die respondente wat nie Tswana as huistaal praat nie, ewekansig tot die eksperimentele groepe toegedeel word.

Na aanleiding van die resultate van die vraelys kan daar aanvaar word dat sekondêre skool leerders wel vir die ondersoek gebruik kan word. Alle praktiese probleme is aangespreek en die nodige veranderinge is aan die ontwerp aangebring. Na afloop van hierdie proses het die navorser begin met die navorsing.

3.10 EKSPERIMENT 1-4

3.10.1 Inleiding

Ten einde hierdie hipotese te toets, moet 'n bepaalde populasie aan verskillende videos met veelvuldige videotegnieke blootgestel word. Elk van hierdie videos het van mekaar verskil ten opsigte van die hoeveelheid produksietegnieke wat gebruik is. In elke video is 'n verskillende aantal videotegnieke gebruik (kyk Tabel 3.6).

3.10.2 Populasie

Soos reeds gestel is 160 Graad 10- en 11-leerders van Tlokwe Sekondêre Hoërskool geselekteer as populasie vir hierdie studie. Die respondente van Video 1 se ouderdomme het gewissel van 16 tot 21 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 17 jaar, terwyl Video 2 se respondente se ouderdomme gewissel het van 15 tot 19 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 17 jaar. Video 3 en 4 se respondente se ouderdomme het gewissel van 16 tot 18 met 'n gemiddelde ouderdom van 17 jaar.

Die finale samestelling van Groep 1 tot 4 het soos volg gelyk:

Tabel 3.7
Finale samestelling van Eksperimente

Jaargroep	Manlik	Vroulik
Graad 10	10	10
Graad 11	10	10
Totaal	20	20

Totale aantal respondente van elke groep: 40

3.10.3 Opnameprosedure

Die *groepptoepassing data-insamelingsmetode* (Huysamen, 1993:155) is gebruik tydens hierdie studie. Die populasie waarin die navorser belangstel was almal fisies in een lokaliteit geplaas. Aangesien slegs een persoon benodig word om die instruksies in een lokaal te gee, is die onkoste per vraelys beperk en die navorser het volkome beheer oor die voltooiing van die vraelys. Aangesien die navorser sowel as 'n onderwyseres wat Tswana magtig is, teenwoordig was tydens die voltooiing van die vraelys, is navrae aangaande die vrae en enige ander onduidelikhede onmiddellik beantwoord.

Tabel 3.6

Vergelyking van Eksperiment 1 - 4

EKSPERIMENT	DOEL	HIPOTESE	RESPONDENTE	NAVORSINGS ONTWERP	MATERIAAL
<u>Loodsstudie</u>	Hierdie eksperiment het gedien as loodsstudie vir die navorsings-projek.	Hoe minder produksietegnieke gebruik word, hoe beter sal leerders die boodskap herroep.	40 leerders op ewekansige wyse verdeel in 4 groepe van 10. Elke groep is blootgestel aan slegs een video.	Nie-ekwivalente voortoets-natoets-ontwerp	Video 1 Video 2 Video 3 Video 4
Eksperiment : Video 1	Om te bepaal watter invloed die gebruik van veelvuldige produksietegnieke het op swart leerders se vermoë om boodskappe in 'n video te herroep.		40 leerders wat d.m.v stratifisering en ewekansige groeptoewysing aangewys is. Hierdie leerders is gekies uit 'n totale populasie van 160 Graad 10- en 11-leerders.	Soos bo.	Video 1: Aanbieder Vraelys
Eksperiment : Video 2	Soos bo.		Soos bo.	Soos bo.	Video 2: Aanbieder Titels Vraelys
Eksperiment : Video 3	Soos bo.		Soos bo.	Soos bo.	Video 3: Aanbieder Titels Musiek Vraelys
Eksperiment : Video 4	Soos bo.		Soos bo.	Soos bo.	Video 4: Aanbieder Titels Musiek Wegsnyskote Vraelys

Die opname is gedoen op 25 Februarie 2000. Groep 1 het eerste na video 1 gekyk, na afloop hiervan het groep 2 na video 2 gekyk, groep 3 na video 3 en ten slotte het groep 4 na video 4 gekyk. Die vraelyste is na afloop van die video aan respondente uitgedeel en hulle is 20 minute gegee om dit te voltooi.

3.10.3.1 Probleme ondervind

Dieselfde probleme is met al vier eksperimente ondervind. Die grootste probleem was om al die leerders uit klasse te neem sonder om hulle normale skoolprogram te ontwrig en om 'n lokaal te vind wat groot genoeg is en oor elektrisiteit beskik. Hierdie probleem is opgelos met behulp van die personeel van die Tlokwe Sekondêre Hoërskool. Daar was aanvanklik ook eksterne omgewingsruis as gevolg van persone wat besig was om in die tuin langs die lokaal te werk. Hierdie persone is gevra om hul aktiwiteite te verskuif en daar is met die navorsing voortgegaan nadat hulle wegbeweeg het en omgewingsruis weer geminimaliseer is.

3.11 SLOT

In hierdie hoofstuk is die ontwerp en die opnameprosedure wat gevolg is gedurende die studie, bespreek. Daar is spesifiek verwys na die data-insameling en opnameprosedure. Data vir hierdie studie is ingesamel deur middel van selfrapportering. Daarna is die navorsingsontwerp van hierdie studie geïdentifiseer as kwasi-eksperimenteel, hoewel dit tog verskeie ooreenkomste toon met 'n suiwer eksperimentele ontwerp. Na afloop hiervan is die populasie van hierdie ondersoek bespreek aan die hand van die samestelling en die ewekansigegroep-toewysingsprosedures. Alvorens die loodsstudie bespreek is, is die materiaal en die meetinstrument van hierdie studie uiteengesit. Voortvloeiend hieruit is die geldigheid en betroubaarheid van die studie, asook die datavaslegging en -verwerking van resultate bespreek.

Na afloop hiervan is die loodsstudie bespreek. Die doel van die loodsstudie was om te bepaal of die meetinstrument en die navorsingsontwerp gepas is. Bepaalde struikelblokke ten opsigte van taal en kultuur is geïdentifiseer en reggestel. Hierdie probleme is aangespreek en die navorser het begin met die navorsing.

Ten slotte is die eksperimente van hierdie studie bespreek. Eerstens is die doel van die eksperimente uitgelig en daarna is die populasie geïdentifiseer en bespreek. Die doel van hierdie eksperiment was om die spesifieke hipotese van hierdie navorsing te toets. Na afloop hiervan is die materiaal wat gebruik is tydens elke eksperiment, bespreek. Elke video is individueel bespreek aangesien die materiaal vir elk verskil het, hoewel die aanbieder en die boodskap konstant gebly het. Ten slotte is die opnameprosedure en probleme ondervind gedurende hierdie prosedure, bespreek. Vervolgens word die resultate van die eksperiment in hoofstuk 4 uiteengesit.

HOOFSTUK 4

Resultate

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die ontwerp en opnameprosedure wat in die studie gevolg is, bespreek. Daar is gekyk na selfrapportering, nie-ekwivalente-groepsvergelyking opnameprosedure en die toepassing van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp. Na afloop hiervan is die loodsstudie en eksperiment bespreek.

In hierdie hoofstuk word die doelstelling van die ondersoek herhaal, waarna die resultate bespreek word aan die hand van steuringsveranderlikes ten opsigte van boodskapherroeping. Ten slotte word bepaal of die navorsingshipotese op grond van bevindinge aanvaar of verwerp moet word.

4.2 DOELSTELLING

Die algemene doelstelling met hierdie navorsing is soos volg:

Om te bepaal watter invloed die gebruik van veelvuldige produksietegnieke het op swart leerders se vermoë om boodskappe in 'n video te herroep.

Aan die hand van bogenoemde algemene doelstelling is die volgende spesifieke doelstelling geïdentifiseer:

Om te bepaal hoeveel produksietegnieke gelyktydig aangewend kan word sonder dat die leerders se vermoë om boodskappe te herroep, benadeel word.

Vervolgens word die resultate van die vraelys bespreek.

4.3 RESULTATE VAN VRAELYSDATA

Gedurende die navorsing het die navorser bepaalde demografiese inligting van respondente ingesamel (kyk Bylaag A). Hierdie inligting is ingesamel met die oog daarop om vir die leser 'n geheelbeeld van die samestelling van die populasie te gee. Hierdie veranderlikes kon 'n moontlike invloed op die resultate uitoefen, en dien as steuringsveranderlikes. Vervolgens word hierdie veranderlikes uiteengesit en die mate waarin dit resultate beïnvloed het, word bepaal.

4.3.1 Demografiese gegewens

In hierdie studie is daar geen spesifieke hipoteses opgestel ten opsigte van demografiese verskille tussen respondente nie, en ook nie ten opsigte van geïdentifiseerde moontlike steuringsveranderlikes nie. Hierdie vergelykings is wel gemaak ten einde die invloed daarvan op resultate te bepaal. Die realisering van die populasie en demografiese profiel in terme van die steuringsveranderlikes word in Tabel 4.1 aangebied:

Tabel 4.1
Demografiese profiel

	Video 1	Video 2	Video 3	Video 4
Geslag				
Manlik	20	20	20	20
Vroulik	20	20	20	20
Akademiejaar				
10	20	20	20	20
11	20	20	20	20
Respondente wat rook				
JA	3	2	6	2
NEE	37	38	34	38
Respondente met gesinslede wat rook				
JA	25	31	27	28
NEE	15	9	13	12
Taal				
Sothotale	34	27	35	31
Ander	6	13	5	9

Soos die tabel toon, was daar 'n gelyke verdeling van manlike en vroulike respondente. Hierdie verdeling is doelbewus gedoen met behulp van stratifisering en ewekansige groeptoewysing, om te verseker dat navorsing wel voldoen aan die vereistes vir 'n ware eksperiment (kyk afdeling 3.3).

Van die respondente was 58% (n=93) Tswanasprekend en 42% (n=67) het nie Tswana as hul huistaal aangedui nie. Ouderdomme het gewissel van 15 tot 22, hoewel die respondente gelyk verdeel is ten opsigte van akademiese prestasie en jaar.

Uit bostaande vergelykings kan die afleiding gemaak word dat die groepe soortgelyk in samestelling was. Na aanleiding hiervan was dit dus moontlik vir die navorser om onderlinge vergelykings te maak in terme van die invloed van hierdie steuringsveranderlikes op boodskapherroeping. In die volgende afdeling word die invloed van hierdie steuringsveranderlikes, op respondente se vermoë om 'n boodskap te herroep, ondersoek.

4.3.2 Die effek van steuringsveranderlikes: ANOVA metode en statistiese beduidendheid

Die vrae in die vraelys (kyk Bylaag A) is op so 'n wyse gestel dat vyf steuringsveranderlikes geïdentifiseer kan word. Hierdie steuringsveranderlikes sluit in geslag, ouderdom, akademiese jaar, taal en betrokkenheid van die ontvanger (of die respondent of enige van sy gesinslede rook). Vervolgens sal hierdie steuringsveranderlikes bespreek word aan die hand van resultate wat verkry is tydens die opnameprosedure.


4.3.2.1 Geslag

Die inligting met betrekking tot hierdie veranderlike is verkry deur middel van vraag 1 in die vraelys. Die response van manlike en vroulike respondente is met mekaar vergelyk.

Tabel 4.2
Gemiddelde persentasie behaal : Geslag

	M	F
V 1	34	35
V 2	38	32
V 3	32	28
V 4	33	31

Grafiek 4.1
Voorstelling van geslag as steuringsveranderlike



Tabel 4.3
ANOVA : Geslag

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Varsiansie		
M	4	135	33.8	6.917		
F	4	125.8	31.4	8.682		
Bron van Varsiansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Binne Groepe	10.70	1	10.70	1.37129	0.286	5.9874
Tussen Groepe	46.80	6	7.80			
Totaal	57.49	7				

Hoewel die manlike respondente telkens beter presteer het met 'n gemiddeld van 33.8, teenoor die vroulike respondente se gemiddeld van slegs 31.4, is daar volgens die p-waarde (0.286) geen statistiese betekenisvolle verskil ten opsigte van die gebruik van veelvuldige videotegnieke en boodskapherroeping nie. Dus kan daar aanvaar word dat enige statisties beduidende resultaat wat andersins bereken word, nie aan geslagsverskille tussen respondente toegeskryf kan word nie.

4.3.2.2 Ouderdom

Die finale samestelling van die vier video's ten opsigte van ouderdom word vervolgens beskryf. Video 1 se respondente het gewissel in ouderdom van 15 tot 21 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van 18 jaar, terwyl die ouderdomme van die respondente vir Video 2 gewissel het van 15 tot 20 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van 18 jaar. Die ouderdomme van respondente vir Video 3 het gewissel van 15 tot 21 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van 17 jaar, en vir Video 4 het dit gewissel van 15 tot 22 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 18 jaar.

Hierdie inligting is verkry deur middel van vraag 2 en die resultate word uiteengesit in Tabel 4.4, 4.5 en Grafiek 4.2.


Tabel 4.4

Gemiddelde persentasie behaal : Ouderdomsgroepe

	V 1	V 2	V 3	V 4
15jr	29	50	44	33
16jr	40	36	28	31
17jr	38	34	28	36
18jr	31	34	26	25
19jr	36	31	30	32
20jr	10	31	31	34
21jr	25		20	20
22jr				50

Grafiek 4.2

Voorstelling van ouderdom as steuringsveranderlike



Tabel 4.5

ANOVA : Ouderdomsgroepe

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Varsiansie		
15	4	156	39	96		
16	4	135	34	31		
17	4	135	34	19		
18	4	116	29	17		
19	4	129	32	7		
20	4	106	26	123		
Bron van Varsiansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	367.534	5	73.507	1.508	0.236	2.773
Binne Groepe	877.150	18	48.731			
Totaal	1244.68	23				

Die resultate van die vraelyste is verwerk en die ANOVA metode is gebruik om die ouderdomme van 15 tot 20 te vergelyk. Aangesien die ANOVA gebruik maak van

binne- en tussengroepvariansie, en daar nie genoeg respondente in die ouderdomsgroepe 21 tot 22 was nie, is die vergelyking slegs getref tussen die ouderdomme 15 tot 20. Daar is bevind dat ouderdom geen statisties betekenisvolle verskil in die resultate van die studie veroorsaak nie, en daar kan dus aanvaar word dat enige statistiese beduidende verskil wat andersins bereken word, nie aan die verskil in ouderdom toegeskryf kan word nie.

4.3.2.3 Taal

Respondente is gevra om vraag 4 van die vraelys te voltooi om aan te dui watter taal as hul eerste/huistaal beskou word. Die respons van Tswanasprekende respondente is vergelyk met die van anderstalige respondente (kyk Tabel 4.6; Tabel 4.7 en Grafiek 4.3). Hoewel die respondente nie Tswana as huistaal aangedui het nie, het verskeie van hulle wel 'n goeie begrip en taalvaardigheid wat die taal betref.

Tabel 4.6
Gem persentasie behaal : Afsonderlike tale

	V 1	V 2	V 3	V 4
a	35	32	33	33
b	50	31	40	
c	25	55		
d	23	31	20	31
e	38	35		25
f		31	29	29
g	50	60		
h				
I	45			
TWS*	35	32	33	33
NTS**	38	41	30	28

*TWS - Respondente wat Tswana gekies het as hul huistaal
 **NTS Respondente wat enige ander taal aangedui het as hul huistaal


Tabel 4.7

Gemiddelde persentasie behaal : Taalgroepe

	V 1	V 2	V 3	V 4
TWS	35	32	33	33
NTS	38	41	30	28

Grafiek 4.3

Voorstelling van taal as steuringsveranderlike



Tabel 4.8

ANOVA : Taal

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
TWS	4	133.37	33.34	0.78		
NTS	4	136.60	34.15	38.80		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	1.304	1	1.304	0.066	0.806	5.987
Binne Groepe	118.732	6	19.7887			
Totaal	120.036	7				

Dit wil voorkom asof taal nie 'n statisties beduidende verskil aan resultate gemaak het nie.

Tswana en Sotho word albei beskou as Sotho-tale. Daar is selfs voorheen na Tswana verwys as Wes-Sotho (Zerwick, 2000). Die twee tale is gevolglik gesamentlik vergelyk met ander tale. Die resultate word weergegee in tabel 4.9.

Tabel 4.9
Vergelyking : Sothotale teenoor ander tale


Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
Sothotale	4	26.0	6.5	0.0		
Ander	4	25.6	6.4	1.7		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen groepe	0.02	1.00	0.02	0.03	0.87	6.0
Binne groepe	5.0	6.0	0.8			
Totaal	5.05	7				

Die resultate dui geen statistiese beduidende tendens ten opsigte van taal nie. Die resultate wat andersins bevind word, sal nie beïnvloed word deur die steuringsveranderlike taal nie.

4.3.2.4 Akademiese jaar

Inligting met betrekking tot akademiese jaar is verkry deur vraag 3. Respondente wat in Graad 10 is, se resultate is vergelyk met resultate van Graad 11-respondente.

Grafiek 4.4
Voorstelling van akademiese jaar as steuringsveranderlike



Tabel 4.10

Gemiddelde persentasies behaal : Akademiese jaar

VIDEO 1 Gemiddelde % behaal deur respondent		VIDEO 2 Gemiddelde % behaal deur respondent		VIDEO 3 Gemiddelde % behaal deur respondent		VIDEO 4 Gemiddelde % behaal deur respondent	
G10	G11	G10	G11	G10	G11	G10	G11
55	45	50	55	45	20	35	25
45	55	50	30	50	20	65	35
15	25	60	35	25	30	30	45
50	20	25	15	15	40	15	25
20	35	45	20	40	45	30	20
40	35	20	20	15	20	35	55
30	20	50	55	10	30	25	25
50	30	15	30	20	40	70	40
20	10	25	25	60	25	50	20
5	20	50	25	15	40	25	50
45	20	40	40	40	20	20	15
20	40	25	20	15	20	25	20
25	10	15	15	25	30	15	20
25	15	15	20	25	55	10	10
25	45	50	25	55	15	45	45
50	30	25	40	30	20	35	20
50	25	45	45	55	15	20	35
50	55	55	65	25	40	45	30
65	50	35	40	40	25	50	20
45	55	35	10	35	0	25	35

- G10 – Graad 10 respondente
- G11 – Graad 11 respondente

Tabel 4.11

ANOVA : Akademiese jaar

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
Video 1 – 10	20	730	36.5	263		
Video 1 – 11	20	640	32	225		
Video 2 – 10	20	730	36.5	219		
Video 2 – 11	20	630	31.5	227		
Video 3 – 10	20	640	32	238		
Video 3 – 11	20	550	27.5	164		
Video 4 – 10	20	670	33.5	266		
Video 4 – 11	20	590	29.5	155		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	1368	7	195.357	0.890	0.516	2.070
Binne Groepe	33380	152	219.605			
Totaal	34748	159				

Hoewel gemiddeldes van die verskillende groepe wissel van 27.5% tot 36.5%, is die p-waarde 0.516, met die gevolg dat resultate nie as statisties beduidend beskou kan word nie. Na aanleiding hiervan kan geen statisties beduidende resultate wat deur

die ondersoek bevind word, toegeskryf word aan die verskil tussen die akademiese jaargroepe nie.

4.3.2.5 Betrokkenheid van die ontvanger

Soos reeds gestel in afdeling 2.4.3, het betrokkenheid van die ontvanger 'n invloed op die mate waartoe die respondent die boodskap verwerk en herroep. Respondente wat betrokke voel, behoort die boodskap beter te herroep. Hoewel hierdie hipotese nie spesifiek hier ondersoek word nie, kan daar aanvaar word dat persone wat rook, of wat gesinslede het wat rook, meer betrokke sal wees by die boodskap as persone wat glad nie rook nie en wie se gesinslede nie rook nie.

Vervolgens word resultate vergelyk van persone wat self rook teenoor die wat nie rook nie. Na afloop hiervan word die resultate van persone wie se gesinslede rook, vergelyk met die resultate van respondente wat geen gesinslede het wat rook nie.

Respondente wat self rook


Inligting met betrekking tot rookgewoontes is verkry deur vraag 5 en 6 van die vraelys. Respondente wat rook (of al gerook het), is vergelyk met respondente wat nie rook nie. Hierdie resultate word weergegee in Tabel 4.12 en Grafiek 4.5.

Tabel 4.12
Hoeveelheid respondente wat rook per groep

	JA	NEE
V 1	3	37
V 2	2	38
V 3	5	34
V 4	2	38
TOTAAL	13	147

Grafiek 4.5

**Voorstelling van betrokkenheid as steuringsveranderlike:
Respondente wat self rook**



Tabel 4.13

ANOVA: Respondente wat rook

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	variansie		
Nee	4	26.36	6.59	0.31		
Ja	4	31	7.8	5.8		
Bron van variansie	SS	df	MS	F	P-value	F crit
Tussen groepe	2.690	1.000	2.690	0.876	0.385	5.987
Binne groepe	18.41	6	3.069			
Totaal	21.10	7				

Na aanleiding van hierdie resultate blyk dit dat respondente wat rook, wel in drie gevalle beter presteer het as respondente wat nie rook nie. Op die oog af ondersteun hierdie bevindinge wel die aanname dat betrokkenheid van die ontvanger aandag en boodskapherroeping beïnvloed. Hierdie vergelyking het egter 'n p-waarde van 0.385 en kan dus nie as statisties beduidend beskou word nie. Alhoewel daar dus 'n klein verskil is, kan verskille tussen groepe wat aan die opname deelneem, nie bo alle twyfe aan groepslede se betrokkenheid beskryf word nie.


Respondente wat gesinslede het wat rook

Uit resultate blyk dit dat respondente wat gesinslede het wat rook (wat 'n hoër betrokkenheid toon), nie beter presteer het as die respondente waarvan die gesinslede nie rook nie.

Tabel 4.14
Aantal respondente met gesinslede wat rook

Rook iemand in jou gesin?		
	JA	NEE
V 1	25	15
V 2	31	9
V 3	27	13
V 4	28	12
TOTAAL	111	49

Grafiek 4.6
Voorstelling van betrokkenheid as steuringsveranderlike:
Gesinslede wat rook



Tabel 4.15
ANOVA : Gesinslede wat rook (betrokkenheid)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
JA	111	691	6.23	8.34		
NEE	48	337	7.02	9.55		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	21	1	21.21	2.44	0.12	3.90
Binne Groepe	1366	157	8.70			
Totaal	1388	158				

Op die oog af weerspreek hierdie bevindinge die aanname dat betrokkenheid van die ontvanger aandag en boodskapherroeping beïnvloed en bevorder. Hierdie vergelyking het egter 'n p-waarde van 0.12 en kan nie as statisties beduidend beskou word nie, hoewel die p-waarde laag is. Alhoewel daar dus 'n klein verskil is, kan enige statisties beduidende verskil tussen die groepe wat aan die opname deelneem, nie aan groepslede se betrokkenheid toegeskryf word nie.

4.4 DIE INVLOED VAN VEELVULDIGE VIDEOTEGNIEKE OP BOODSKAPHERROEPING

In hierdie afdeling word die nulhipotese en alternatiewe (navorsings-) hipotese onderwerp aan resultate wat ten opsigte van onafhanklike veranderlikes (i.e. veelvuldige videotegniese) verkry is. Hierdie studie gaan van die navorsingshipotese uit dat die gebruik van veelvuldige produksietegniese herroeping van boodskappe benadeel eerder as bevoordeel. Een spesifieke navorsingshipotese word op grond van die spesifieke navorsingsvraag en spesifieke doelstelling gestel. Die volgende hipotese is hier ter sprake:

H₁ Alternatiewe hipotese

Hoe minder produksietegniese gebruik word, hoe beter sal leerders boodskappe herroep.

H₀ Nulhipotese

Daar is geen verskil in boodskapherroeping nie, ongeag hoeveel produksietegniese gebruik word.

Na aanleiding hiervan word die resultate nou bespreek. Eerstens word die vier video's afsonderlik met mekaar vergelyk, byvoorbeeld Video 1 (**V1**) en 2 (**V2**); Video 2 (**V2**) en 4 (**V4**) ensovoorts. Hierdie video's word met mekaar vergelyk deur middel van die ANOVA, wat die gemiddeld en die beduidendheid van die resultate bepaal. Alvorens met hierdie vergelyking begin word, word individuele resultate uiteengesit in Tabel 4.16.

Tabel 4.16

Individuele resultate van respondente van VIDEO 1 – 4

VIDEO 1		VIDEO 2		VIDEO 3		VIDEO 4	
Respondent	% behaal	Respondent	% behaal	Respondent	% behaal	Respondent	% behaal
1.1	55	2.1	50	3.1	45	4.1	25
1.2	45	2.2	55	3.2	50	4.2	35
1.3	55	2.3	50	3.3	25	4.3	45
1.4	25	2.4	30	3.4	15	4.4	25
1.5	20	2.5	60	3.5	20	4.5	20
1.6	45	2.6	35	3.6	20	4.6	55
1.7	15	2.7	15	3.7	40	4.7	25
1.8	35	2.8	25	3.8	30	4.8	40
1.9	35	2.9	20	3.9	40	4.9	20
1.10	50	2.10	45	3.10	45	4.10	50
1.11	20	2.11	20	3.11	20	4.11	15
1.12	20	2.12	20	3.12	30	4.12	20
1.13	40	2.13	50	3.13	40	4.13	20
1.14	30	2.14	15	3.14	15	4.14	35
1.15	30	2.15	55	3.15	10	4.15	65
1.16	50	2.16	30	3.16	20	4.16	30
1.17	10	2.17	25	3.17	25	4.17	15
1.18	20	2.18	25	3.18	40	4.18	10
1.19	20	2.19	25	3.19	60	4.19	30
1.20	5	2.20	50	3.20	15	4.20	35
1.21	45	2.21	40	3.21	20	4.21	45
1.22	20	2.22	40	3.22	20	4.22	25
1.23	25	2.23	20	3.23	40	4.23	20
1.24	20	2.24	25	3.24	15	4.24	70
1.25	25	2.25	15	3.25	25	4.25	50
1.26	40	2.26	15	3.26	25	4.26	25
1.27	10	2.27	50	3.27	55	4.27	20
1.28	15	2.28	15	3.28	30	4.28	25
1.29	25	2.29	20	3.29	30	4.29	35
1.30	45	2.30	25	3.30	55	4.30	15
1.31	30	2.31	25	3.31	55	4.31	10
1.32	50	2.32	45	3.32	25	4.32	45
1.33	25	2.33	40	3.33	15	4.33	30
1.34	50	2.34	45	3.34	40	4.34	20
1.35	50	2.35	55	3.35	35	4.35	35
1.36	65	2.36	65	3.36	20	4.36	20
1.37	55	2.37	35	3.37	15	4.37	45
1.38	45	2.38	35	3.38	40	4.38	50
1.39	50	2.39	40	3.39	25	4.39	35
1.40	55	2.40	10	3.40	0	4.40	25

Byvoorbeeld

Video 1 word vergelyk met Video 2. Volgens die alternatiewe hipotese behoort leerders wat na Video 1 kyk beter te vaar in die herroepingstoets as leerders wat na Video 2 kyk. Dus hoe minder produksietegnieke, hoe beter die resultate, aldus H_1 . 'n

Gemiddelde p-waarde word nou bereken met behulp van die ANOVA-toets. Tydens die ANOVA-metode word die gemiddelde variansie binne en tussen groepe en uiteindelik die p-waarde bereken van elke video en met mekaar vergelyk. Die interpretasie van die resultate sluit die afdeling af.

4.4.1 Video 1 en 2

Tabel 4.17
ANOVA – Video 1 (V1) en 2 (V2)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
V1	40	274	6.85	9.721		
V2	40	272	6.8	8.933		
Bron van Variansie	SS	Df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	0.05	1	0.05	0.01	0.94	3.96
Binne Groepe	728	78	9.327			
Totaal	728	79				

Soos reeds hierbo verduidelik, begunstig die alternatiewe hipotese Video 1 bo Video 2. Dus behoort die respondente van Video 1 'n hoër gemiddeld te handhaaf as dié van Video 2. Uit Tabel 4.17 blyk dit dat die respondente van Video 1 se gemiddeld van 6.85 wel 0.05 hoër is as dié van Video 2. Hierdie verskil is nie statisties beduidend nie, en die vergelyking het 'n p-waarde van 0.94 opgelewer. Op grond van hierdie p-waarde kan die afleiding gemaak word dat daar geen statistiese of betekenisvolle verskil tussen boodskapherroeping van respondente was nie, ongeag hoeveel produksietegnieke gebruik is.

4.4.2 Video 1 en 3

Tabel 4.18
ANOVA – Video 1 (V1) en 3 (V3)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
V1	40	274	6.85	9.721		
V3	40	238	5.95	8.049		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	16.2	1	16.200	1.823	0.181	3.963
Binne Groepe	693	78	8.885			
Totaal	709.2	79				

In hierdie vergelyking word Video 1 begunstig bo Video 3 aangesien Video 3 bestaan uit drie produksietegnieke wat gekombineer is, terwyl Video 1 slegs gebruik maak van 'n aanbieder. Uit Tabel 4.18 kan afgelei word dat daar geen statisties betekenisvolle verskil is tussen die verskillende respondente nie. Hoewel die p-waarde (0.181) laag is en respondente van Video 1 daartoe neig om die boodskap beter te herroep as dié van Video 3, is die syfer steeds nie statisties beduidend nie. Die hipotese (H_1) kan gevolglik nie op grond hiervan aanvaar word nie.

4.4.3 Video 1 en 4

Tabel 4.19
ANOVA – Video 1 (V1) en 4 (V4)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	variansie		
V1	40	274	6.85	9.7205		
V4	40	252	6.3	8.3692		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	6.05	1	6.050	0.669	0.416	3.963
Binne Groepe	705.5	78	9.045			
Totaal	711.55	79				

Verskille bereken tussen die reaksie van respondente wat na Video 1 gekyk het, en dié van Video 4, dui daarop dat die respondente van Video 1 neig om die boodskap beter te herroep. Hierdie neiging ondersteun die alternatiewe hipotese van hierdie studie. Hoewel daar 'n merkbare verskil is tussen die gemiddeld van Video 1 (6.85) en dié van Video 4 (6.3), het die vergelyking 'n p-waarde van 0.416 opgelewer. Hierdie p-waarde is aansienlik hoër as die statistiese beduidendheidsvlak van 0.05 wat vir hierdie studie vasgestel is.

Op grond hiervan kan die resultate van hierdie vergelyking nie as statisties beduidend beskou word nie, en kan die alternatiewe hipotese nie aanvaar word nie. Dit blyk dat die verskil ten opsigte van produksietegnieke tussen video 1 en 4 nie respondente se herroeping van die boodskap beïnvloed het nie.

4.4.4 Video 2 en 3

Tabel 4.20
ANOVA – Video 2 (V2) en 3(V3)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
V 2	40	272	6.8	8.933333		
V 3	40	238	5.95	8.048718		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	14.45	1	14.45	1.701797	0.195889	3.963464
Binne Groepe	662.3	78	8.491026			
Totaal	676.75	79				

Waardes bereken ten opsigte van bogenoemde vergelyking (kyk Tabel 4.20), dui op 'n statistiese onbeduidende effek van 0.195. Dit blyk dat die respondente van Video 2, met 'n gemiddeld van 6.8, daartoe neig om die boodskap beter te herroep as dié van Video 3. Die alternatiewe hipotese begunstig Video 2 bo Video 3, maar dit kan egter nie aanvaar word nie aangesien die p-waarde te hoog is. Enige verskille ten opsigte van boodskapherroeping wat bevind word, kan daarom nie aan die verskil in produksietegnieke van die twee videos toegeskryf word nie.

4.4.5 Video 2 en 4

Tabel 4.21
ANOVA – Video 2 (V2) en 4 (V4)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
V 2	40	272	6.8	8.93		
V 4	40	252	6.3	8.37		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	5	1	5	0.578	0.449	3.963
Binne Groepe	674.8	78	8.651			
Totaal	679.8	79				

Geen statisties betekenisvolle verskil is gevind tussen respondente wat onderskeidelik gekyk het na 'n video met 2 produksietegnieke (Video 2) en dié waar daar gebruik gemaak is van vier produksietegnieke (Video 4) nie. Alhoewel daar 'n verskil was tussen die gemiddeldes van die respondente van Video 2 ('n gemiddeld van 6.8) en Video 4 ('n gemiddeld van slegs 6.3), was die p-waarde 0.449 en dus onbeduidend. Dus kan daar aanvaar word dat die gebruik van veelvuldige videotegnieke geen

verskil maak aan die mate waartoe respondente die boodskap van Video 2 en 4 herroep het nie.

4.4.6 Video 3 en 4

Tabel 4.22
ANOVA van Video 3 (V3) en 4 (V4)

Groepe	Aantal	Som	Gemiddeld	Variansie		
V 3	40	238	5.95	8.04872		
V 4	40	252	6.3	8.36923		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	2.45	1	2.45	0.29845	0.58641	3.96346
Binne Groepe	640.3	78	8.20897			
Totaal	642.75	79				

Die p-waarde bereken vir hierdie vergelyking dui daarop dat geen statisties beduidende verskil opgemerk kan word tussen die boodskapherroeping van respondente van Video 3 en 4 nie. Die respondente van Video 3 het 'n laer gemiddeld van 5.95 gehandhaaf en dit mag voorkom of dit die alternatiewe hipotese weerspreek. Hierdie resultaat is egter nie beduidend nie aangesien die p-waarde van 0.586 hoër is as die statistiese beduidenheidsvlak van hierdie eksperiment, wat vasgestel is op 0.05.

4.4.7 Video 1 tot 4

Tabel 2.23
ANOVA – Video 1 tot Video 4

Groepe	Aantal	Totaal	Gemiddeld	Variansie		
Video 1	40	1370	34%	243.013		
Video 2	40	1360	34%	223.333		
Video 3	40	1190	30%	201.218		
Video 4	40	1260	32%	209.231		
Bron van Variansie	SS	df	MS	F	P-waarde	F crit
Tussen Groepe	552.5	3	184.17	0.84	0.47	2.66
Binne Groepe	34195	156	219.199			
Totaal	34747.5	159				

Na aanleiding van bogenoemde is 'n gemiddelde persentasie per groep en ook die standaardafwyking bereken.

Tabel 4.24
Gemiddeld en Standaardafwyking van Videos

	Video 1	Video 2	Video 3	Video 4
Gemiddeld	34	34	30	32
Std Afwyking	15	15	14	14
CV	45%	43%	47%	45%

CV=Std Afwyking wat omgeskakel word in 'n persentasie

Die alternatiewe hipotese van hierdie studie begunstig Video 1 bo Video 2,3 en 4, omdat Video 1 oor die minste produksietegnieke beskik. Die aanname is gemaak dat die respondente van Video 4 die boodskap die slegste sou herroep, terwyl die respondente van Video 1 die beste sou presteer.

Uit bogenoemde resultate blyk dit dat geen duidelike tendens ten opsigte van veelvuldige produksietegnieke en die invloed daarvan op boodskapherroeping gevind kon word nie. Daar is nie ten opsigte van een van die video's 'n besliste gunstige neiging nie. Uit die gemiddelde p-waarde (kyk Tabel 2.23 en 2.24) wat ten opsigte van elke vergelyking as geheel bereken is, kan afgelei word dat respondente nie fluktueer ten opsigte van boodskapherroeping nie.

Die alternatiewe hipotese word verwerp op grond van die resultate, aangesien daar geen statisties beduidende resultate opgelewer is nie. Daar kan gevolglik aanvaar word dat die gebruik van veelvuldige produksietegnieke nie 'n invloed gehad het op boodskapherroeping in hierdie studie nie.

4.5 SLOT

In die voorafgaande bespreking is die demografiese profiel van die toetspopulasie breedvoerig bespreek. Daarna is resultate weergegee van vraelysdata wat aan berekeninge van die ANOVA metode onderwerp is. Daarbenewens is berekeninge gedoen om die moontlike invloed van die steuringsveranderlikes op response te

bepaal, asook om die statistiese beduidendheid te bepaal van verskille tussen die afsonderlike groepe se boodskapherroeping.

Dit blyk uit die resultate dat steuringsveranderlikes nie 'n beduidende rol gespeel het nie. Dit wil egter wel voorkom asof taal moontlik 'n probleem kon gewees het; soos uiteengesit in hoofstuk 5 en afdeling 4.3.2.3.

Ten einde die hipotese van hierdie studie te toets, is response van respondente wat blootgestel is aan vier video's met verskillende hoeveelhede videotegnieke vergelyk. Geen prakties beduidende verskil tussen respondente se boodskapherroeping is gevind nie. 'n Gemiddelde p-waarde is ook vir elke vergelyking bereken.

Na aanleiding van die navorsing wat gedoen is (hoofstuk 2), is daar in hierdie ondersoek van die standpunt uitgegaan dat boodskapherroeping bevorder sal word indien minder videotegnieke gebruik word. Op grond van die alternatiewe hipoteses moes Video 1 se respondente meer van die boodskap kon herroep as respondente van Video 2, 3 en 4.

Die resultate van hierdie ondersoek bied minimale ondersteuning vir die alternatiewe hipotese en doelstelling wat vir hierdie studie gestel is. Na afloop van die vergelykings tussen groepe is resultate gevind wat onbeduidend is en nie 'n betekenisvolle verskil ten opsigte van boodskapherroeping in verskillende groepe kon demonstreer nie. Die gemiddelde p-waardes wat ten opsigte van die vergelykings bereken is, toon deurgaans fluktuasies wat impliseer dat afleidings hoogstens op grond van tendense gemaak kan word. Gevolglik moet die alternatiewe hipotese dan ook verwerp word en die nulhipotese aanvaar word.

In die volgende en finale hoofstuk word die implikasies en samevatting van hierdie bevindinge weergegee.

HOOFSTUK 5

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 INLEIDING

Hierdie studie het gefokus op die invloed van veelvuldige produksietegnieke op leerders se herroeping van boodskapinformatie in 'n oorredingsvideo. Die voorsienbare invloed wat die gekose produksietegnieke op die leerders se vermoë sou hê, is onderlê deur bepaalde teoretiese uitgangspunte wat, hoewel nie baie in omvang nie, met verloop van tyd deur empiriese navorsing gevorm is. Die verband tussen die aanwending van produksietegnieke in die videomedium en boodskapherroeping deur die ontvangers word vervolgens saamgevat.

Alle vorme van kommunikasie maak staat op die vermoë van die sender om dit so effektief as moontlik aan te bied en oor te dra aan die ontvanger. Indien die sender gebruik maak van die video- of televisiemedium, het hy/sy dikwels 'n uitgebreide reeks produksietegnieke tot sy/haar beskikking. Hierdie tegnieke word meestal aangewend met die doel om die kykers op een of ander wyse te beïnvloed, in te lig of te oorreed (en dikwels bloot om te vermaak). Sommige produksietegnieke het 'n onverwagte effek (dit verwar byvoorbeeld die kyker) en regisseurs gebruik dit dikwels sonder om in ag te neem hoe dit die kyker sal beïnvloed.

Verskeie draaiboekskrywers meen dat aandag verhoog kan word deur die toepassing van bepaalde produksietegnieke. Daar word aanvaar dat komplekse visuele stimuli lei tot probleme tydens die opvoeding van kinders en die gebruik van produksietegnieke kan kommunikasie benadeel. Dit is om hierdie rede dat verskeie navorsers die invloed van geïsoleerde en veelvuldige produksietegnieke op die kyker ondersoek het.

Daar is onder meer ondersoek ingestel na die manier waarop ontwikkeling in tegnologie gelei het tot verbeterde mediabeelde en hoe dit die kyker psigologies beïnvloed het. Daar is bevind dat dit begrip en boodskapherroeping deur die kyker in

bepaalde omstandighede op positiewe of negatiewe wyse beïnvloed. Die positiewe invloed van produksietegnieke op boodskapherroeping is deur verskeie navorsers geïdentifiseer, en sluit in navorsing oor kamerahoeke, kamerabeweging, ruimtelike konteks ensovoorts. Hierdie navorsing is in Hoofstuk 2 behandel.

Daar is nietemin deur verskeie ander navorsers (kyk Hoofstuk 2) bevind dat produksietegnieke 'n negatiewe invloed op kykers en inligtingprosessering kan hê. Hierdie produksietegnieke word soms onkundig of doelloos aangewend, sonder om in ag te neem hoe dit die kyker onbewustelik gaan beïnvloed. Kortom kom hierdie navorsing daarop neer dat oormatige visuele en verbale stimuli die leerproses en kommunikasie benadeel en dat die gebruik van veelvuldige produksietegnieke tot 'n afname in boodskapretensie kan lei. Wat draaiboekskrywers, regisseurs en redigeerders dus behoort te doen, is om nie die kyker sensories te oorlaai nie. Sensoriese oorlading het veral 'n invloed op kinders aangesien hulle vermoëns om relevante inligting van irrelevante inligting te onderskei dikwels nie goed ontwikkel is nie. Indien daar groot hoeveelhede objekte en 'n verskeidenheid onvoorspelbare patrone op die skerm is, is dit moeilik vir kinders om hul aandag op die skerm te vestig, en om die inligting te prosesseer.

Met bogenoemde teoretiese uitgangspunte as gegewe, het hierdie navorser gehipotetiseer dat die gebruik van oormatige visuele en ouditiewe stimuli (produksietegnieke) leerders se aandag sal aftrek en hulle boodskapherroeping sal benadeel, met ander woorde dat meer produksietegnieke swakker boodskapherroeping in die hand sal werk (die navorsings- of alternatiewe hipotese). Om hierdie hipotese te toets, is 'n kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp gevolg.

Dié ontwerp is in Hoofstuk 3 bespreek en dit bestaan in wese uit: vrae oor die inhoud van video's met verskillende vlakke van produksietegnieke wat aan verskillende groepe leerders gevra is. Aangesien die navorser in die literatuurstudie tot die besef van die belangrikheid van steuringsveranderlikes gekom het, is sekere maatreëls in die opname toegepas om demografiese steuringsveranderlikes te beheer, soos in die volgende afdelings kortliks saamgevat word.

5.2 DIE ROL VAN DEMOGRAFIESE STEURINGSVERANDERLIKES IN HIERDIE STUDIE

5.2.1 Geslag

Na aanleiding van die resultate wat verkry is in die demografiese afdeling van die vraelys, is 'n tendens waargeneem dat manlike respondente telkens beter presteer het as hulle vroulike klasmaats. Hierdie resultaat was egter nie statisties betekenisvol nie, en daar kan aanvaar word dat enige statisties beduidende resultaat wat verkry is, nie aan geslagsverskille toegeskryf kan word nie.

5.2.2 Ouderdom

Die resultate van die verskillende ouderdomsgroepe is met mekaar vergelyk, en daar is bevind dat daar nie 'n statisties betekenisvolle verskil is tussen al hierdie ouderdomsgroepe se prestasie, soos gemeet aan hulle beantwoording van die vrae, nie. Daarom kan daar aanvaar word dat ouderdomsgroep geen statisties beduidende invloed op enige ander resultate gehad het nie.

5.2.3 Akademiese jaar

Die akademiese prestasie van die respondente, wat ewekansig verdeel is in die onderskeie groepe wat na die video's gekyk het, het nie statisties beduidend van mekaar verskil nie. Die groepe was dus gelykwaardig wat akademiese prestasie betref. Daar kan ook aanvaar word dat hierdie steuringsveranderlike geen invloed gehad het op enige ander resultate nie.

5.2.4 Taal

Taal was wel 'n steuringsveranderlike ten opsigte van van die vlak van Tswana in die aanvanklike vraelys, soos uitgewys deur die loodsstudie. Om hierdie probleem op te los, is 'n eenvoudiger vlak van Tswana gekombineer met 'n Engelse vertaling in die werklike vraelys.

5.3 VEELVULDIGE VIDEOTEGNIEKE EN BOODSKAPHERROEPING

Binne die raamwerk van navorsing wat in Hoofstuk 2 en die inleiding tot hierdie hoofstuk bespreek is, is 'n alternatiewe of navorsingshipotese gestel wat op die

volgende uitgangspunt berus: hoe minder produksietegnieke tegelykertyd in 'n videoboodskap gebruik word, hoe beter sal die ontvanger die boodskapinhoud herroep. Die resultate in Hoofstuk 4 steun egter nie hierdie uitgangspunt nie, en derhalwe word die nulhipotese aanvaar, naamlik dat die aantal produksietegnieke wat tergelyketyd gebruik word, nie herroeping beïnvloed nie.

Hoewel die resultate in 'n mate die alternatiewe hipotese onderskryf het, is dit nie statisties beduidend nie. Die vraag is dus hoekom die statisties onbeduidende tendense nie sterker gefigureer het nie. Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om die faktore te identifiseer wat waarskynlik daarvoor verantwoordelik was dat minder produksietegnieke nie tot beter herroeping gelei het nie. Die antwoorde kan in die navorsingsontwerp die ontvanger en/of die teorie lê. Na aanleiding van die bespreking in Hoofstuk 2 blyk dit dat die teorie (minder produksietegnieke = beter herroeping) buite rekening gelaat kan word, en dat, wat hierdie studie betref, antwoorde vir die verwerping van die alternatiewe navorsingshipotese by die ontwerp en die ontvangers gesoek moet word.

5.3.1 Moontlike probleme in die ontwerp

Ten opsigte van die ontwerp, is daar geen bepaalde probleme geïdentifiseer nie. Die navorser het wel vermoed dat daar probleme ondervind is met die vraelys as gevolg van die vlak van Tswana wat gebruik is. Om hierdie rede is die vraelys na afloop van dataverwerking gestuur aan 'n taalkundige en daar is bevind dat die vlak van Tswana moontlik te kompleks vir die leerders was. Vir die werklike opname is (a) die Tswana-teks in die vraelys vereenvoudig, en (b) 'n Engelse vertaling bygevoeg vir studente wat moontlik nog probleme met die vrae kon hê. Wat die vlak van Tswana in die video's betref, het vertaling van die oorspronklike Engelse teks geskied binne die opdrag dat die teikengehoor leerders op 'n sekondêre vlak is.

Betreffende die vlak van Tswana in die vraelys, sou dit verkieslik gewees om met 'n tweede loodsstudie die taal-moeilikhedsgraad van die gewysigde vraelys te toets. Koste-oorwegings, beskikbaarheid van die respondente, en die grootte van die totale populasie het twee loodsstudies (elk met vier groepe) plus 'n werklike opname (weer met vier groepe) belemmer.

Die steekproefgrootte kon moontlik ook 'n beperkende faktor gewees het. Dit was ook nie prakties uitvoerbaar om die steekproef te vergroot nie, aangesien 'n beperkte aantal respondente beskikbaar was vir beide die loodsstudie en die eksperiment. Indien die steekproef vergroot is om 'n ander populasie (bv. nog 'n skool in die omgewing) in te sluit, sou dit addisionele logistiese probleme ten opsigte van tyd, taal, etnisiteit, beskikbaarheid van respondente ensovoorts, tot gevolg gehad het.

5.3.2 Moontlike probleme ten opsigte van die ontvanger

Die rol van die ontvanger is een van die geïdentifiseerde faktore wat 'n invloed op oorreding, inligtingprosessering en herroeping kan hê. Figuur 5.1 is 'n grafiese voorstelling van die ontvanger se rol in hierdie verband.

Indien die ontvanger van die boodskap nie "betrokke" voel (**A**) by die boodskap nie, sal hy/sy nie die boodskap verwerk nie. Die individue in hierdie studie word waarskynlik nie persoonlik direk óf indirek geraak deur die rookgewoonte nie en hulle staan moontlik daarom neutraal daarteenoor.


